

SOSIALE BESKERMING VAN MIGRANTE WERKERS IN SUID-AFRIKA

SH Jacobs

12307696

LLMA

Studieleier: DA Horsten

Mede studieleier: Adv. PH Myburgh

Inhoudsopgawe

1 Inleiding

2 Die konsep van sosiale sekerheid

2.1 Die afwesigheid van 'n konstante definisie

2.2 Grondwetlike aspekte

2.2.1 'n Grondwetlike prioriteit

2.2.2 Beperking van fundamentele regte

2.3 Suid-Afrika se huidige sosiale voordele

2.3.1 Beperkte bestek van sosiale sekerheidswetgewing

2.3.1.1 Aftrede en ongeskiktheid

2.3.1.2 Korttermynvoordele: werkloosheid, siekte, kraam en stefte

2.3.1.3 Werksbesering en siekte

2.3.1.4 *Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne* van 1996

2.3.1.5 Persone wat nie binne die konsep van "werknemer" val nie

3 Suid-Afrika se sosiale voordele vir migrante

3.1 Inleiding

3.2 Beperkings in nasionale wetgewing wat migrante werkers affekteer

3.3 Tipes migrasie

4. Reg op Gelykheid

4.1 Reg op toegang tot sosiale sekerheid

4.2 Die rol van internasionale en vergelykende reg

5. Die reg op sosiale sekerheid op internasionale vlak

5.1 Globale vlak

5.1.1 Nie-bindende instrumente

5.1.2 Bindende instrumente

5.2 Internasionale ArbeidsOrganisasie

5.3 Plaaslike vlak

6. SAOG streek

6.1 Inleiding

6.2 SAOG strukture

6.2.1 Die Verdrag op Fundamentele Sosiale Regte

6.2.2 Die sosiale beskerming van burgers van SAOG lidstate as migrante in SAOG

6.2.3 Sosiale beskerming in SAOG lidstate: 'n Vergelykende synopsis van lande se maatreëls

6.2.4 Sosiale beskerming op SAOG Vlak: Streeks instrumente

6.3 Moontlikheid van verhoogde beskerming en koördinerings van arbeids (en sosiale sekerheidsreg) sisteme in die SAOG

6.3.1 Die sosio-ekonomiese konteks van die SAOG streek

6.3.2 Streeksinstrumente

6.3.3 Koördinerings: oorspronklike benaderings

6.3.4 Regionale reaksies

6.3.5 Ontwikkeling van basislyn standaarde

7. *Wet op Immigrasie 13 van 2002*

8. Europese Unie

9. Gevolgtrekking

1 Inleiding

Intra-regionale migrasie in suidelike Afrika is besig om 'n drastiese verandering te ondergaan. Hierdie verandering kan grootliks toegeskryf word aan die politieke en ekonomiese transformasie van post-apartheid Suid-Afrika.¹ Afdankings in Suid-Afrika se mynindustrie veroorsaak huidiglik grootskaalse verplasing van migrante mynwerkers vanaf buurstate soos Lesotho, Mosambiek en Swaziland. Terselfdetyd veroorsaak die opheffing van handelssanksies wat afgedwing was op Suid-Afrika tydens die apartheidsjare, 'n skerp vermeerdering in die invloei van migrante wat werk soek in ander industrië.² In 2004 is daar 760 "onwettige immigrante"³ wat omskryf is as persone wat na Suid-Afrika gekom het om permanente verblyf in te neem gerapporteer. Meer as 15 600 "vreemdelinge"⁴ wat woonagtig was in ander lande en onwettiglik na Suid-Afrika beweeg het is gerapporteer.⁵ Hierdie veranderings kan nie anders as om aan migrasie groter geldigheid as politieke kwessie te gee nie.⁶

'n Hele paar van Suid-Afrika se buurstate wat arbeid uitvoer wil graag bilaterale onderhandelings ondergaan oor sake soos vereistes vir binnekoms, loon terugbetalings en sosiale beskerming.⁷ Die Suid-Afrikaanse Vakbond Koördinerings Raad⁸ het 'n konsep Sosiale Verdrag⁹ saamgestel wat minimum

-
- 1 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 1.
 - 2 Social Security Department *Social Security for Migrant Workers*, Interdepartmental Project on Migrant Workers 1.
 - 3 'n Individue wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, wat nie 'n geldige werkspermit het nie en ook nie in besit is van 'n geldige verblyfspermit nie soos in *Georgieva – Deyanova / Craighall Spar* [2004] 9 BALR 1143 (CCMA) par 1144.
 - 4 'n Individue wat nie 'n burger of inwoner is, maar wat nie 'n onwettige vreemdeling is nie. *Wet op Immigrasie* 13 van 2002. SK Vol 443 No 23478, 31 Mei 2002.
 - 5 Southern African Development Community (SADC), Regional Indicative Strategic Development Plan, SADC Secretariat, July 2003, <http://www.queensu.ca/samp/migrationnews/2002/dec.htm#South%20Africa>. [Datum van gebruik 1 Maart 2005].
 - 6 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 1.
 - 7 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 1.
 - 8 In Engels "*The South African Trade Union Coordinating Council*"; Hierna verwys as SATUCC.
 - 9 SATUCC "Social Charter of Fundamental Rights of Workers in the Southern African Development Community (SADC)" in *Report of the Regional Trade Union Workshop*

standaarde van sosiale beskerming vir alle werkers waarborg, insluitend migrante, ongeag hul status. Die besondere probleme en kwessies waarmee migrante werkers te staan kom met betrekking tot die beskerming van hul sosiale sekerheidsregte kan toegeskryf word aan 'n aantal faktore soos moontlike verblyfsomstandighede, die uitsluiting van nie-burgers van sekere regte of indirekte diskriminasie in die vorm van uitgerekte kwalifiserende tydperke wat uiteindelik kan resulteer in algehele weiering van enige regte, in besonder vir migrante werkers wat gereeld hul land van indiensname verander.¹⁰ Die effek van hierdie faktore op migrante werkers wissel afhangend van die graad van ontwikkeling in die sosiale sekerheidsreg wetgewing in die land van oorsprong of in die land van indiensname. Behalwe vir sekere uitsonderings met betrekking tot vreemdelinge met permanente verblyfstatus, word nie-burgers grootliks uitgesluit van Suid-Afrikaanse sosiale sekerheid.¹¹

Die doel van hierdie navorsing is om te bepaal watter sosiale sekerheidsregte migrante werkers in Suid-Afrika geniet terwyl hulle hier werksaam is en ook in hoe 'n mate die voordele wat beskikbaar is in Suid-Afrika oorgedra kan word na ander lande in die SAOG-streek indien die werker byvoorbeeld ongeskik sou raak vir werk of 'n besering aan diens opdoen. Die besondere fokus hiervan is op die sosiale beskerming van migrante werkers in Suid-Afrika.¹²

'n Wyer omskrywing van sosiale beskerming verduidelik dit as 'n meganisme wat deur werkers gebruik word om finansiële hulpbronne op te bou ten einde hulself te verseker teen risiko's wat veroorsaak kan word deur verlies in lone, soos afdanking, ongeskiktheid en ouderdom.¹³ Sosiale beskerming is 'n belangrike

on Export Processing Zones, Environment and Sustainable Development, March 28-30, 1996.

10 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 1.

11 Dit is van toepassing op feitlik alle sosiale bystandsvoordele, as gevolg van die feit dat Suid-Afrikaanse burgerskap een van die geregtigheds kriterië is vir toegang tot byna alle sosiale bystandsvoordele (soos ouderdom en ongeskiktheids voordele) in terme van die bepalings van die *Wet op Sosiale Bystand* 59 van 1992. LAWSA, Volume 13(2) Social Security Law, par.155.

12 Migrante werkers word byvoorbeeld spesifiek uitgesluit van werkloosheidsversekering.

13 Liffman *ea Scope of Application* 39.

onderwerp wat oorweeg moet word wanneer regionale migrasie bespreek word. Die redes hiervoor is dat, eerstens, dit 'n belangrike invloed het op die kwaliteit van migrante werkers se lewens. Tweedens, het die sosiale beskerming van migrante werkers sekere belangrike ekonomiese gevolge. Dit kan migrasie meer aantreklik laat lyk vir buitelandse werkers wat daaraan dink om te hervestig, en kan dus die beweeglikheid van arbeid beïnvloed. Migrante werkers se produktiwiteit kan ook verhoog word indien daar na hul gesondheid en sekuriteit omgesien word. Laastens, het die sosiale beskerming van migrante werkers ook fiskale effekte aangesien hul dekking die vlak van 'n regering se sosiale uitgawes daadwerklik kan verhoog. Die metode wat deur 'n regering gebruik word om beskerming te finansier kan ook die kwessie van billikheid ter sprake bring aangesien 'n daadwerklike subsidiëring van migrante deur plaaslike belastingbetalers teweeggebring kan word indien algemene inkomste gebruik word vir hierdie doel.¹⁴

Van belang vir die navorsing is die internasionale standaard wat gestel is. Die fokus sal dus wees om te bepaal watter aanpassings gemaak moet word aan Suid-Afrikaanse wetgewing om te voldoen aan internasionale standaard en watter ander moontlike maatreëls geneem kan word binne die SAOG streek om hierdie regte van die migrante werkers te beskerm, die invloed daarvan op die kwaliteit van hierdie werkers se lewens en die ekonomiese asook fiskale gevolge daarvan.

Die navorsing beoog om die verpligtinge van die Staat in terme van die Grondwet asook internasionale instrumente wat deur Suid-Afrika onderteken en geratifiseer is, te identifiseer en te analiseer en die huidige beleid en wetgewing van die Staat te evalueer in terme van die internasionale en grondwetlike verpligtinge van die Staat.

14 Fultz en Pieris *Social Protection of Migrant Workers in South Africa 2*.

2 Die konsep van sosiale sekerheid

2.1 Die afwesigheid van 'n konstante definisie

Daar bestaan geen duidelike en konstante benadering tot die konsep van sosiale sekerheid in Suid-Afrikaanse wetgewing en so ook nie in internasionale literatuur nie.¹⁵ In die meeste demokratiese regerings word die verpligting om sosiale sekerheid te verskaf vervat in die land se Grondwet. Die meeste regssisteme steun egter wél op die idee dat die tradisionele onderskeid tussen sosiale versekering en sosiale bystand vervat word binne die konsep van sosiale sekerheid.¹⁶ Dit blyk ook om die grondwetlike benadering in Suid-Afrika te wees. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika¹⁷ sien sosiale sekerheid as die oorkoepelende konsep wat onder andere die idee van sosiale bystand omvat. Artikel 27(1)(c) verwys na elke persoon se reg op toegang tot sosiale sekerheid, wat voldoende sosiale bystand insluit indien hul nie instaat is om hulself of hul afhanklikes te onderhou nie.

Alhoewel daar huidiglik geen algemene definisie van sosiale sekerheid in Suid-Afrikaanse wetgewing bestaan nie, definieër die *Witskrif vir Sosiale Welsyn*¹⁸ sosiale sekerheid as volg:

Beleide wat verseker dat alle mense voldoende ekonomiese en sosiale beskerming het in tye van werkloosheid, swak gesondheid, swangerskap, kraam, sterfte, ongeskiktheid en bejaardheid, by wyse van bydraende en nie-bydraende skemas wat voorsiening maak vir hul basiese behoeftes.

Die IAO¹⁹ definieër sosiale sekerheid as:

Die beskerming wat 'n samelewing verskaf aan sy lede, deur 'n aantal publieke maatreëls, teen die ekonomiese en sosiale moeilikheid wat andersins veroorsaak sal word deur die beeëindiging of substansiële vermindering van

15 Liffman *ea Scope of Application* 41; Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 36.

16 Liffman *ea Scope of Application* 40.

17 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Hierna verwys as Grondwet.

18 SV 1108 in SK 18166 van 8 Augustus 1997, Hfst.7.

19 IAO Konvensie 102 van 1952.

verdienste wat die gevolg is van siekte, swangerskap, 'n werksbesering, werkloosheid, ongeskiktheid, bejaardheid en sterfte; die voorsiening van mediese sorg; en die voorsiening van subsidies vir families met kinders.

Hierdie definisie van die IAO het onder kritiek gekom deur outeurs soos Pieters,²⁰ wat van die mening is dat hierdie definisie onvoldoende ruimte laat vir die ontwikkeling van sosiale sekerheid ten einde enige nuwe sosiale probleme wat mag ontstaan, te kan beantwoord.

Die *Witskrif* se definisie omvat 'n wyer omtrek van beskerming vir meer mense. Alhoewel verskillende meganismes gebruik kan word om voordele aan individue wat daarop geregtig is of behoeftig is toe te staan, is die oogmerk van al hierdie meganismes in ooreenstemming met die algemene en wye beskrywing van sosiale sekerheid. 'n Wye interpretasie van die reg is in ooreenstemming met internasionale neigings om omvattende vorme van sosiale beskerming te ontwikkel as reaksie op faktore soos die verhoogde mobiliteit van arbeid en veranderende globale werkspatrone, wat die groei van die informele sektor en die alledaagsheid van huis-gebaseerde werk, tydelike werk en selfwerkzaamheid insluit.²¹

2.2 Grondwetlike aspekte

Daar is verskeie redes waarom dit nodig is om die impak van die Suid-Afrikaanse Grondwet op sosiale sekerheid te oorweeg. Eerstens maak die Grondwet dit baie duidelik dat die Grondwet die hoogste reg is van die Republiek,²² terwyl die Handves van Regte toepassing vind op alle reg en die wetgewer, die uitvoerende gesag, die regsprekende gesag asook alle organe van die Staat bind.²³ Tweedens, verplig die Grondwet elke hof, tribunaal of forum om die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte te bevorder wanneer dit

20 Pieters *Social Security* 1.

21 Liffman *ea Scope of Application* 42.

22 Artikel 2.

23 Artikel 8(1).

enige wetgewing interpreteer asook wanneer die gemenereg ontwikkel word.²⁴ Derdens, waarborg artikel 27(1)(c) van die Grondwet die reg op toegang tot sosiale sekerheid, terwyl talle ander bepalings fundamentele regte toestaan wat verband hou met sosiale sekerheid.²⁵

Ingevolge artikel 7(2) van die Grondwet moet die Staat hierdie reg "eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik". Dit beteken dat die Staat homself moet weerhou van optrede wat mense onredelik ontnem van toegang tot sosiale sekerheid, en dit impliseer verder dat die Staat positiewe maatreëls moet neem om toegang tot sosiale sekerheid te verbeter en bevorder vir almal in Suid-Afrika. Ander regte wat relevant is tot sosiale sekerheid is die reg op gelykheid wat direkte of indirekte onbillike diskriminasie op 'n aantal gronde verbied, insluitend ras, etniese of sosiale oorsprong, geboorte;²⁶ die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is en respek en beskerming van elke persoon se inherente waardigheid.²⁷

2.2.1 Vervatting van sosiale sekerheidsregte in die Grondwet

Die reg op sosiale sekerheid is 'n "toegangsreg" en dit impliseer dat die Staat nie die enigste of direkte voorsiener van sosiale sekerheid moet wees in alle omstandighede nie. Die Staat moet wêl 'n gunstige wetgewende- en beleidsomgewing skep wat dit moontlik maak vir individue of groepe om sosiale sekerheid te bekom deur òf private reëlins òf deur regeringsprogramme. 'n Staat moet homself en die samelewing beskerm teen die nadelige gevolge van sosiale risiko's. Dit is daarom noodsaaklik om stappe te neem om te verhoed dat individue 'n las op die Staat en op die samelewing word.²⁸

24 Artikel 39(2).

25 Soos die reg op toegang tot geskikte behuising in artikel 26 vervat en artikel 27, naamlik die reg op toegang tot gesondheidsorgdienste.

26 Artikel 9.

27 Artikel 10.

28 Liffman *ea Scope of Application* 29; Olivier *ea The Extension of Social Security Protection in South Africa* 31.

Die reg op toegang tot sosiale sekerheid behoort uit sekere kernelemente te bestaan. Die sosiale sekerheidsstelsel behoort ideaal omvangryke dekking te voorsien teen alle gebeurlikhede en eventualiteite wat verdienstevermoë asook die vermoë om vir hulself en hul afhanklikes te voorsien in gevaar stel.²⁹ Die voordeelsvlakke wat voorsien word in terme van die verskeie skemas behoort te voldoen aan 'n gedefinieerde minimum standaard, en sal afhang van die tipe sosiale sekuriteitskema en die reëls daarvan, maar moet ten minste voldoende wees om te verseker dat die ontvanger nie onder 'n aanvaarde armoede vlak val nie. Die tipe voordeel wat voorsien word, moet gepas wees tot die risiko wat ondervind is.³⁰

Almal wat 'n behoefte het aan sosiale sekerheid behoort toegang daartoe te kan verkry, en dit laat die situasie van byvoorbeeld nie-burgers soos dit vandag in die Suid-Afrikaanse konteks staan, en veral daardie wat permanente verblyfstatus het, onseker.³¹ Die stelsel van sosiale sekerheid moet nie onbillik diskrimineer, direk of indirek, teen enige persoon in terme van artikel 9 van die Grondwet nie. Die uitsluiting van nie-burgers van die meeste sosiale wetgewing is dus 'n area van grondwetlike belang. In verskeie hofsake is die grondwetlikheid van die uitsluiting van nie-burgers van sosiale sekerheid bespreek. *Baramoto v Minister of Home Affairs*³² is daar bepaal dat die grondwetlike bepaling met betrekking tot toegang tot howe van toepassing is op burgers sowel as nie-burgers. In *Baloro and Others v University of Bophuthatswana and Others*³³ is beslis dat die onderskeid tussen burgers en nie-burgers neerkom op onbillike diskriminasie in terme van die gelykheidsklausule van die Interim Grondwet.³⁴ Vandag sal dit op onbillike diskriminasie in terme van artikel 9 van die Grondwet neerkom. In *Johnson v Minister of Home Affairs & Another*,³⁵ word die reg van nie-burgers tot menswaardigheid soos vervat in artikel 10 van die Grondwet, weereens bevestig.

29 Fultz en Pieris *Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 3.

30 Pieters *Social Security* 2.

31 Liffman *ea Scope of Application* 26.

32 1998 5 BCLR 562 (W) para 575.

33 1995 4 SA 197 (BSC) para 71.

34 Wet 200 van 1993.

35 1997 3 BCLR 355 (C) para 361.

In die saak van *Khosa and Others v Minister of Social Development and Others; Mahlaule and Another v Minister of Social Development and Others*³⁶ is die reg op toegang tot sosiale sekerheid, en meer spesifiek sosiale bystand ingevolge die *Wet op Sosiale Bystand*³⁷ aan daardie persone was nie instaat is om hulself en hul afhanklikes te onderhou nie, bespreek. Die vraag was hier of die verpligting van die Staat om sosiale bystand te voorsien in terme van die wet strek na inwoners wat nie-burgers is nie. Artikel 4(b)(ii) van die *Wet op Sosiale Bystand* het onder die lig gekom en daar is bepaal dat die weglating van die woorde "of permanente inwoners" na die woord "burger" uit artikel 4(b)(ii) van die *Wet op Sosiale Bystand*, soos gewysig deur die *Welsynswette Wysigingswet*³⁸ onbestaanbaar is met die Grondwet. Daar is verder beslis dat artikel 4(b)(ii) van die *Wet op Sosiale Bystand*, soos gewysig, gelees moet word asof die woorde "of permanente inwoners" verskyn na die woord "burgers". Die effek van hierdie uitspraak was om die Staat te verplig om sosiale bystand te voorsien in terme van die Wet aan alle "permanente inwoners" wat kwalifiseer vir sodanige bystand, ongeag hul burgerskap.

'n Bespreking van die praktyk en verantwoordelikheid van die Staat noodsaak 'n oorweging van twee botsende stelle belange. Aan die een kant, handhaaf die Staat 'n aktiewe belang in beleid wat verseker dat daar vir sy burgers gesorg word.³⁹ In hierdie opsig kan die toedeling van skaars hulpbronne dalk beteken dat daardie persone wat nie daartoe geregtig is, uitgesluit word. Aan die ander kant, poog die Staat om sy rol te verrig in ooreenstemming met internasionale standaarde.⁴⁰ Voldoening aan hierdie standaarde sal tot voordeel van nie-burgers strek, in besonder op die vlak van sosiale versekering maar tot 'n mindere mate op die vlak van sosiale bystand.⁴¹

36 2004 6 BCLR 569 (KH) para 571; hierna verwys na as die Khosa-saak.

37 Wet 59 van 1992.

38 Wet 106 van 1997.

39 Liffman *ea Scope of Application* 35; Strydom *Essential Social Security Law* 224.

40 Liffman *ea Scope of Application* 36; Olivier *ea The Extension of Social Security Protection in South Africa* 117.

41 Liffman *ea Scope of Application* 36; Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 58; Olivier *ea The Extension of Social Security Protection in South Africa* 51.

Die bepaling van die omtrek van begunstigdes wat geregtig is tot die reg op toegang tot sosiale sekerheid en verwante sosiale sekerheidsregte bly egter 'n ontmoedigende taak. In praktiese terme sal daar bepaal moet word of en indien wêl, tot watter mate, nie-burgers ingesluit word vir doeleindes van hierdie reg.⁴²

2.2.2 Beperking van fundamentele regte

Fundamentele regte, insluitend regte wat verband hou met sosiale sekerheid, is nie absoluut nie, maar kan onderwerp word aan beperkings van 'n redelike aard. Artikel 7(3) van die Grondwet bepaal dat die regte wat vervat word in die Handves van Regte onderworpe is aan die beperkings waarna daar verwys word in artikel 36 of andersins in die Handves. Dit is dus belangrik om die strekking van die moontlike beperkings op die reg op toegang tot sosiale sekerheid te bepaal. Twee tipes beperkings moet oorweeg word. Eerstens is daar 'n interne beperking wat vereis dat die beperking moet voldoen aan die vereistes wat vervat word in die algemene beperkingsklousule,⁴³ en tweedens bestaan daar 'n eksterne beperking wat vereis dat alle relevante faktore ingedagte gehou moet word, waarvan sommige uitdruklik in die Grondwet genoem word.

Voordat daar enige moontlike beperking van 'n besondere fundamentele reg oorweeg kan word, moet daar eers bepaal word wat die presiese omvang van daardie reg is. In *Soobramoney v Minister of Health (Kwazulu-Natal)*⁴⁴, het die hof bevind dat die weiering om 'n pasiënt, wat gelyk het aan 'n kroniese nier mislukking, toe te laat om gebruik te maak van die fasiliteite van 'n provinsiale hospital in Kwazulu-Natal, nie neergekom het op die weiering van "dringende

42 *Larbi-Odam v Member of the Executive Council for Education (North-West Province) and the Minister of Education* 1997 12 BCLR 1655 (KH).

43 Hierna word somtyds verwys as eksterne beperkings. Artikel 36 bepaal dat die regte in die Handves van Regte slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk kan word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van tersaaklike faktore [artikel 36(1) (a)-(e)].

44 1997 12 BCLR 1696 (KH).

mediese behandeling” soos die term gebruik word in artikel 27(3) van die Grondwet.⁴⁵ Wanneer hierdie uitspraak toegepas word op die gebied van sosiale sekerheid, beteken dit dat die betrokke saak ingesluit moet word in die egte idee van “sosiale sekerheid” of “sosiale bystand” soos dit gebruik word in artikel 27(1)(c) van die Grondwet. Grotendeels is dit die plig van die staat om minimum standaarde te ontwikkel wat gebruik kan word vir die definiëring van die reg op sosiale sekerheid.⁴⁶

Die Handves van Regte bind alle reg in terme van artikel 8(1). Hierdie is die kodifisering van die leerstuk van indirekte horisontale toepassing. Dit beteken dat die Handves van Regte van toepassing is op die reg wat sosiale sekerheid regeer. Artikel 39(2) bepaal verder dat die gees, strekking en doelwitte van die Handves van Regte bevorder moet word by die interpretasie van enige wetgewing en by die ontwikkeling van die gemenereg of gewoontereg.⁴⁷

2.3 Suid Afrika se huidige sosiale voordele

Onderskeidende kenmerke van Suid-Afrika se sosiale beskerming is die afwesigheid van ‘n nasionale pensioenskema, ‘n sterk vertroue op die private sektor om voordele te voorsien op ‘n opsionele basis, en ‘n gevolglike ongelykheid in die dekking van die arbeidsmag.⁴⁸ Van sosiale beskerming word huidiglik verwag om te voldoen aan ‘n hoogs diverse stel behoeftes.

Daar bestaan geen samehangende sosiale sekerheids benadering nie en daar kan ‘n minimale vlak van eenvormigheid gesien word in die konstruksie, funksionering en doel van, asook in die samewerking tussen, hierdie skemas.⁴⁹ Die sisteem het al verskeie veranderinge ondergaan. Onder andere is die

45 *Soobramoney v Minister of Health (Kwazulu-Natal)* 1997 12 BCLR 1696 (KH) par 12.

46 *Olivier ea The Extension of Social Security Protection in South Africa* 37.

47 *Olivier ea Social Security Law: Constitutional Issues* 501; *Olivier ea Social Security: A Legal Analysis* 70.

48 *Fultz en Pieris The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 5; *Olivier ea Social Security: A Legal Analysis* 127.

49 *Liffman ea Scope of Application* 39; *Olivier ea Social Security: A Legal Analysis* 127.

formele rasse onderskeid en verdeling weggeneem, maar die uitsluiting van groot groepe persone, wat hoofsaaklik Swart, plattelands en vroulik is, asook die formele indiensnemingsvooroordeel bly steeds in plek.⁵⁰ Dit kan ook gesien word in die regssisteem, wat hierdie geneigdheid tot uitsluiting bevestig. Die regsstelsel beperk groot gedeeltes van sosiale versekering tot die formele indiensnemings konteks, sluit baie persone uit van deelname en aanvaar 'n kategoriese en middele toets benadering met betrekking tot sosiale bystand.⁵¹ Verskillende institusionele-reëlins word as aparte en alleenstaande sake behandel, met min samehang en integrasie, beide in terme van 'n oorgrote doelwit (wat afwesig is) en in terme van afwesige en gebrekkige verbindings. Voordele wat beskerming verleen teen gespesifiseerde gebeurlikhede, soos ongeskiktheid, kraam, sterfte en oorlewende familie voordele, word nie apart gereguleer nie, maar word voorsien op 'n beperkte basis binne die raamwerk van besondere gedeeltes van sosiale versekering en sosiale bystandswetgewing.⁵²

'n Analise van die sosiale sekerheidssisteem bevestig dat verskeie kategorieë en groepe uitgesluit en/of gemarginaliseer word in terme van die huidige sisteem.⁵³ Hierdie groepe sluit in werklose persone (beide in die tydelike en strukturele konteks); uitgesluite werknemers (byvoorbeeld plaaswerkers en huishoudelike werkers); selfwerksame persone, persone in informele diens asook baie ander atipiese dienskategorieë; die plattelandse en stedelike minderbevoorregtes; bejaarde persone wat afhanklik is van sosiale bystand; en nie-burgers. Sommige van hierdie kategorieë oorvleuel, terwyl daar nie gesê kan word dat alle persone wat behoort tot 'n besondere kategorie of groep behoeftig is aan 'n publieke sisteem van sosiale sekerheid nie.⁵⁴

50 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 5; Liffman *ea Scope of Application* 31–32; Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 128 – 129.

51 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 5; Liffman *ea Concept of Social Security* 13–14; Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 143.

52 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 6; Olivier *ea Social Security Law: Death and Survivors' Benefits* 158; Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 142.

53 Sien Olivier 1998 *ILJ* 675; 1999 *ILJ* 2202.

54 Byvoorbeeld baie professionele selfwerksame persone.

2.3.1 *Die beperkte bestek van sosiale sekerheidswetgewing*

2.3.1.1 Aftrede en ongeskiktheid

Suid-Afrika se bystand aan ouer en ongeskikte individue bestaan uit 'n kontant betaling van R740 per maand in terme van 'n staatspensioen wat deur die Minister van Welsyn bestuur word.⁵⁵ Hierdie betaling word moontlik gemaak deur algemene belasting inkomste en kiesbaarheid word beperk tot individue met lae inkomste en bates deur middel van toepassing van 'n middele toets. Deelname aan die program is hoog, en die toelae maak 'n groot bron van inkomste uit vir begunstigdes asook hul onmiddellike en uitgebreide families.⁵⁶ Alle ontvangers van staatspensioene is ook geregtig op gesubsidieerde mediese sorg, insluitend hospitaalkostes en medikasie, by provinsiale hospitale. Probleme met hierdie skema is dat groot sektore nie beskerming geniet nie en lae-inkomste werkers het te doen met 'n onnatuurlike finansiële aansporing om nie vir aftrede te spaar nie of hul bates te versteek as gevolg van die staatspensioen middele toets.⁵⁷ Hierdie probleme het gelei daartoe dat sommige persone 'n verskillende nasionale benadering tot voorsorg vir aftrede ondersteun, naamlik een wat staatmaak op bydraes deur werkers en wat voordele betaal as 'n verdiende reg.⁵⁸ Enige beleid wat dien as 'n versperring wat mense weerhou daarvan om toegang tot sosiale sekerheid te bekom asook enige wet of beleid wat direk òf indirek onbillik diskrimineer teen sekere groepe in die voorsiening van toegang tot sosiale sekerheid sal neerkom op 'n negatiewe inbreukmaking deur die staat. Dit uitsluiting van permanente inwoners se kinders van sosiale

55 SV 1197 in SK 21786 van 23 November 2000.

56 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 4; Olivier *ea Social Security Law* 112; 202; Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 138 – 139.

57 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 4; Olivier *ea Social Security Law: People with Disabilities* 193-194.

58 Die Departement van Welsyn het, byvoorbeeld, verpligte voorsiening vir aftrede deur alle werknemers in formele diens bepleit. *Staatskoerant* 2 Februarie 1996 28.

bystands toelae⁵⁹ was onlangs teengestaan in die Hooggeregshof in die Khosa-saak. Die applikante in hierdie saak was twee Mosambiekse burgers wat in die Limpopo Provinsie gebly het, en het geargumenteer dat die vereiste van burgerskap inbreuk gemaak het op hul grondwetlike regte tot sosiale sekerheid⁶⁰, gelykheid⁶¹ asook die regte van kinders⁶². Die aansoek is nie teengestaan in die Grondwetlike Hof, wat ten gunste van die applikante bevind het en die betrokke artikels van die *Wet op Sosiale Bystand* geskrap het. Die implikasies van die skrapping van hierdie bepalings is verrykend. Dit stel nie slegs Suid-Afrikaanse burgers maar ook almal in Suid-Afrika met permanente verblyfstatus wat kinders het en voldoen aan die vereistes van die *Wet op Sosiale Bystand* instaat om aansoek te doen vir hierdie toelaag.

2.3.1.2 Korttermynvoordele: werkloosheid, siekte, kraam, en sterfte

Die hoofdoelwit van werkloosheidsversekering is om inkomste te vervang gedurende werkloosheid.⁶³ Suid-Afrika se Werkloosheidsversekering fonds⁶⁴ word bestuur deur die Minister van Arbeid, funksioneer op strukturele basis op dieselfde vlak as die Departement van Arbeid⁶⁵ en het 'n veelvuldige doel. In terme van die *Wet op Werkloosheidsversekering*⁶⁶ moet elke werkgewer, asook elke werknemer op wie hierdie Wet van toepassing is, op 'n maandelikse basis bydra tot hierdie fonds.⁶⁷ Die bedrag van hierdie bydrae moet gelyk wees aan een persent van die vergoeding wat betaal is of betaalbaar is aan die werknemer

59 Spesifiek die kindertoelaag in terme van artikel 4(b)(ii) van die *Wet op Sosiale Bystand* 59 van 1992 en die sorgafhanklikheids toelaag in terme van artikel 4B(b)(ii) van dieselfde Wet.

60 Artikel 27.

61 Artikel 9.

62 Artikel 28.

63 IAO Verslag *Social security for the unemployed* 1975 15; Olivier ea *Social Security Law: People with Disabilities* 198; Olivier ea *Social Security: A Legal Analysis* 141.

64 In Engels die *Unemployment Insurance Fund*; Hierna verwys as UIF.

65 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 5; Olivier ea *Social Security Law: People with Disabilities* 198.

66 Wet 4 van 2002.

67 Artikel 5(1) van die Wet op Werkloosheidsversekering.

deur sy/haar werkgever gedurende enige gegewe maand.⁶⁸ 'n Werkgever moet op 'n maandelikse basis die bedrag van die werknemer se bydrae aftrek of terughou van die vergoeding wat aan die betrokke werknemer betaal word gedurende die maand.⁶⁹ Migrante werkers word egter huidiglik van hierdie bogenoemde bepalings uitgesluit.

Huidiglik bestaan daar sterk publieke ondersteuning vir die verbetering van korttermynvoordele wat deur die UIF betaal word, spesifiek met verwysing na lae-inkomste werkers.

2.3.1.3 Werksbesering en siekte

Die mees belangrike wetgewing wat die vergoeding van werknemers vir werksverwante siekte, besering of sterfte reguleer is die *Wet op Vergoeding van Beroepsbeserings en -siektes*.⁷⁰ Werkers wat aan diens beseer word, of 'n beroepssiekte opdoen mag finansiële ondersteuning ontvang van die Werkers Vergoedingfonds, wat ook deur die Departement van Arbeid bestuur word.⁷¹ Vir ongeskiktheid wat die betrokke werker 30 persent of minder ongeskik maak, word vergoeding voorsien deur 'n eenmalige bedrag wat verlies aan inkomste dek. Mediese onkoste word afsonderlik betaal en beperk tot wat redelik is. Voordele is veronderstel om 75 persent van verlore inkomste te vervang vir die tydperk waarin die werknemer nie kon werk nie.⁷² Vergoeding is betaalbaar aan beseerde werknemers gedurende tydelike gehele ongeskiktheid by wyse van periodieke betalings teen 'n koers van 75 persent van sy maandelikse verdienste tot en met 'n maksimum van R15 820,00 per maand wat bereken word op 'n

68 Artikel 6(1).

69 Artikel 7(1).

70 Wet 130 van 1993. In Engels die *Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act* SV 1649 in SK 25700 van 7 November 2003; Hierna verwys as COIDA.

71 Daar bestaan beide 'n ongeluksfonds en 'n fonds vir die vergoeding van beroepssiektes. In die geval van twee industrieë, word werkers vergoeding bestuur deur private firmas onder toesig van die regering. Die Federated Employees Mutual Assurance Company dien die konstruksie industrie, en Rand Mutual Assurance dien die mynindustrie.

72 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 5.

weeklikse basis op 4 en 'n derde van R15 820,00 met ander woorde R3 650,77 per week.⁷³ Wanneer 'n besering of siekte ernstig en permanent is, dit wil sê maak die betrokke persoon meer as 30 persent ongeskik, kan werkers 'n maandelikse pensioen ontvang wat gebasseer is op 15 maal die betrokke werknemer se verdienste tot en met 'n maksimum bedrag van R8 862,00 van sodanige verdienste. Die eenmalige bedrag met betrekking tot 30 persent permanente ongeskiktheid is dus R132 930,00. Waar ongeskiktheid minder is as 30 persent word die eenmalige bedrag proporsioneel bereken. Waar die werknemer se verdienste minder is as R1 881,00 per maand, sal die minimum vergoeding wat toegestaan word bereken word op R1 881,00. Die minimum bedrag wat dus toegestaan kan word sal dus R28 215,00 wees in verband met 30 persent ongeskiktheid.⁷⁴ Die fonds word gefinansier deur bydraes deur werkgewers, welke bydraes bepaal word deur verlede gebeure, ten einde gemiddelde getalle van besering en ongelukke by spesifieke industrieë in ag te neem.⁷⁵

2.3.1.4 *Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne*⁷⁶

Die eienaar van elke operasionele myn moet, sover redelik moontlik, waarborg dat die myn ontwerp, saamgestel, toegerus en bestuur word op so 'n wyse dat werknemers hul werk kan verrig sonder om werknemers of enige ander persoon se gesondheid en veiligheid in gevaar te stel.⁷⁷ Daar word verder ook voorsiening gemaak vir gesondheid- en veiligheidsverteenwoordigers en komitees. Elke myn wat 20 of meer werknemers het moet 'n verteenwoordiger vir elke skof hê. Elke myn met 100 of meer werknemers moet een of meer

73 Kommissaris van Vergoeding *Calculation of Compensation to all Employees injured in or after 1 April 2006* Aanhangsel A van COIDA.

74 Kommissaris van Vergoeding *Calculation of Compensation to all Employees injured in or after 1 April 2006* Aanhangsel B van COIDA.

75 Kommissaris van Vergoeding *Calculation of Compensation to all Employees injured in or after 1 April 2006* Aanhangsel B van COIDA.

76 Wet 29 van 1996.

77 Artikel 2(1).

gesondheid- en veiligheidskomitees hê.⁷⁸ Die *Wet op Arbeidsverhoudinge*⁷⁹ maak nou ook voorsiening vir werksplek forums om 'n daadwerklike rol te speel in die daadwerklike bestuur van gesondheid en veiligheid in die werksplek.⁸⁰ In terme van 'n kollektiewe ooreenkoms wat tussen 'n werkgewer en 'n verteenwoordigende vakbond gesluit is, mag sodanige werksplek forum geskille behandel aangaande die aanvangs, hersiening of ontwikkeling van gesondheid en veiligheidssake. Die werksplek forum⁸¹ word verder ingesluit in die vestiging van gesondheid en veiligheidskomitees⁸² en is geregtig om een of meer lede van die werksplek forum aan te stel as gesondheid en veiligheidsverteenwoordigers in die werksplek.⁸³ Migrante werkers word wêl hier ingesluit. Indien hulle egter die land binnekom en aan 'n siekte ly soos omskryf in die *Wet op Beroepssiektes in Myne en Werke*⁸⁴ word hulle teruggestuur na hul land van herkoms.

2.3.1.5 *Persone wat nie binne die konsep van "werknemer" val nie*

Die Suid-Afrikaanse sosiale sekerheidswetgewing verleen slegs sosiale versekeringsbeskerming aan daardie persone wat as "werknemers" kwalifiseer, of 'n soortgelyke term wat gebruik word in 'n besondere stuk wetgewing.⁸⁵ Dit volg dus dat selfwerksame persone, persone wat informeel in diens is, en verskeie ander kategorieë van persone wat atipies indiens is, vir alle regs- en praktiese doeleindes uitgesluit word van groot gedeeltes van die sosiale versekering sisteem in Suid-Afrika, en veral van vergoeding vir werksplek

78 Artikel 25(1) en (2).

79 Wet 66 van 1995.

80 Artikel 84(5).

81 Artikel 84(5)(a).

82 Artikel 84(5)(b).

83 Artikel 84(5)(c).

84 In Engels *Occupational Diseases in Mines and Works Act 78 of 1973*; Hierna verwys as ODMWA.

85 Artikel 3(1) van die *Werkloosheidsversekering Wet 63 van 2001* maak die Wet van toepassing op alle "werknemers en werkgewers", terwyl artikel 1(1) 'n "bydraer" definieër as 'n natuurlike persoon wat indiens is of was, op wie die Wet van toepassing is, en wie die Kommisaris tevrede kan stel dat hy/sy bydraes gemaak het vir doeleindes van die Wet.

beserings en siektes, asook werkloosheidsversekering.⁸⁶ Dit is egter belangrik om te onthou dat die terrein van toepassing van sekere van die relevante wette, in besonder arbeidswette, oor die afgelope paar jaar uitgebrei is ten einde meer werknemers, en, in enkele gevalle, ook persone wat nie werknemers is, geregtig te maak op sosiale sekerheidsvoordele.⁸⁷ Alle werknemers, byvoorbeeld ongeag hul vlak van inkomste, word nou gedek deur COIDA, in teenstelling met voorafgaande wetgewing wat toepasbaarheid beperk het tot werknemers wat minder as 'n maksimum jaarlikse bedrag, wat vasgestel is van tyd tot tyd, verdien het. Onderworpe aan sekere beperkings, is die bestek van die *Wet op Arbeidsverhoudinge*⁸⁸ alomvattend: dit is van toepassing op werknemers, werkgewers, vakbonde, werkgewersorganisasies, federasies, bedingingsrade asook statutêre rade. Beide die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*⁸⁹ as die *Wet op Gelyke Indiensneming*⁹⁰ dek amper alle werknemers, en sluit slegs 'n paar kategorieë werknemers uit.⁹¹ Artikel 200A van die *Wet op Arbeidsverhoudinge*⁹² en artikel 83A van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*, wat 'n weerlegbare vermoede skep oor watter persone werknemers uitmaak, is hier van belang.⁹³

86 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 113; Olivier *ea Social Security Law: Employment Injuries, Diseases and Motor Vehicle Accidents* 319; LAWSA Volume 13(2) par 152.

87 Sien artikel 4 van COIDA.

88 66 van 1995.

89 75 van 1997.

90 55 van 1998.

91 Beide die *Wet op Arbeidsverhoudinge* as die *Wet op Basiese Indiensname* sluit byvoorbeeld lede van die Nasionale Intelligensie Agentskap, die Suid-Afrikaanse Geheime Diens, die Suid-Afrikaanse Nasionale Akademie vir Intelligensie, onbetaalde vrywilligers wat werk vir 'n organisasie wat bestaan vir 'n liefdadige doel asook direkteure en personeel van Comsec uit [Artikel 3(a)-(c)].

92 66 van 1995.

93 Artikel 83A(a) van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* bepaal dat 'n persoon wat werk vir, of dienste lewer aan enige ander persoon word geag, totdat die teenoorgestelde bewys word, om 'n werknemer te wees ongeag die vorm van die kontrak en lys 'n aantal faktore wat teenwoordig waarvan een of meer teenwoordig moet wees.

Migrante word uitgesluit van die werking van die *Werkloosheidsversekering Wet* indien hul repatrieer moet word by die beeindiging van hul dienste.⁹⁴ Daar bestaan spesiale reëlins in verband met sekere kategorieë nie-burgers.⁹⁵

Vanuit 'n regsoogpunt opper die uitsluiting van nie-burgers ernstige vrae van 'n grondwetlike aard, aangesien artikel 27(1)(c) van die Grondwet die reg op toegang tot sosiale sekerheid, insluitend die reg op toegang tot sosiale bystand, toestaan aan "almal" sonder om te onderskei tussen burgers en nie-burgers. Hierdie reg word onderskryf deur die fundamentele reg op gelykheid, wat vervat word in artikel 9. Jurisprudentieël is die reg op gelyke behandeling, in die area van (toegang tot) werksverskaffing al geïnterpreteer om te beteken dat daar geen basis is om te onderskei tussen vreemdelinge wat permanente verblyfstatus bekom het en Suid-Afrikaanse burgers nie.⁹⁶ Vanuit 'n sosiale sekerheidsoogpunt beteken dit nie dat alle kategorieë van nie-burger migrante dieselfde behandel sal moet word nie. Dit kan in besonder die posisie van nie-burgers wat onwettiglik in die land is affekteer. Die *Witskrif op Internasionale Migrasie*⁹⁷ erken egter dat daar geen grondwetlike basis is om, *in toto*, die toepassing van die Handves van Regte⁹⁸ uit te sluit op grond van die status van 'n persoon terwyl hy/sy in Suid-Afrika is, insluitend onwettige migrante.⁹⁹ Dit blyk ook, behalwe vir 'n paar uitsonderings soos die Suid Afrikaanse Ontwikkelings Gemeenskap Handels Verdrag wat deur Suid-Afrika onderteken is, of Suid-Afrika nog nie geheg is aan die netwerk van bilaterale en multilaterale konvensies aangaande die koördinering van sosiale sekerheid. Dit kan tot nadeel wees van

94 Artikel 3(1)(d) van die *Wet op Werkloosheidsversekering* 63 van 2001. In Engels die *Unemployment Insurance Act*; Hierna verwys as UIA.

95 Vluchtlinge geniet in beginsel volle beskerming deur die reg, wat die regte wat uiteengesit word in artikel 2 van die Grondwet insluit. Daardie persone wat dus vluchtling status bekom het kwalifiseer dus vir die sosio-ekonomiese regte wat in die Grondwet verskans is in terme van artikel 27 van die Grondwet. LAWSA Volume 13(2) par 155.

96 *Baloro v University of Bophuthatswana* 1995 4 SA 197 (BSC).

97 31 Maart 1999.

98 Hoofstuk 2 van die Grondwet.

99 *Witskrif op Internasionale Migrasie* par. 2.2-2.4.

beide nie-burger migrante werkers in Suid-Afrika, asook Suid-Afrikaners wat tydelik of permanent indiens is of woonagtig is in ander lande.¹⁰⁰

Sosiale sekerheidswetgewing sluit steeds meeste nie-standaard werkers uit van sy terrein van toepassing. Die uitsluiting van nie-standaard werkers is multi-gefasetteer en het gevolge wat verder strek as daardie persone wat direk geaffekteer word.¹⁰¹ Eerstens word beskerming slegs toegestaan aan daardie persone wat kwalifiseer as “werknemers”. Tweedens word sekere kategorieë persone spesifiek uitgesluit van die omvang van die definisie van “werknemer”¹⁰² wat in sommige, indien nie meeste, van die relevante wette vervat is. Huishoudelike werkers en nie-burgers word egter nou ingesluit. Derdens kan 'n afhanklike van 'n oorlede werknemer ook kwalifiseer vir 'n voordeel in terme van hierdie wette. Die definisie van “afhanklike” in die verskeie sosiale sekerheidswette word gewoonlik geheg aan die werknemer/dienskontrak konsep, en word dikwels op 'n beperkende wyse uitgelê. Laastens kan uitsluiting en marginalisering in Suid-Afrikaanse sosiale sekerheid somtyds die gevolg wees van die afwesigheid van 'n regsplig om deel te neem aan 'n besondere skema of program wat daarop gerig is om werkers te verseker teen sekere sosiale risiko's.¹⁰³

3 Suid-Afrika se sosiale voordele vir migrante werkers

3.1 Inleiding

Wanneer daar gekyk word na die sosiale beskerming van migrante werkers soos dit vandag in Suid-Afrika bestaan, moet die huidige wisseling in regeringsbeleid

100 In terme van artikel 60 van COIDA byvoorbeeld kan 'n werknemer of afhanklike van 'n werknemer wat buite die Republiek woonagtig is of wat afwesig is van die Republiek vir 'n tydperk van meer as 6 maande, en aan wie 'n pensioen betaalbaar is, 'n eenmalige bedrag ontvang, en dus daardeur enige geregtigheid op die pensioen verloor.

101 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 5.

102 Of 'n soortgelyke term.

103 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers* 14.

inaggeneem word. Jurisdiksie oor migrasie word verdeel tussen verskeie liggame, naamlik Binnelandse Sake, Arbeid, Welsyn en die Kabinet as 'n geheel, waarvan elk 'n verskillende perspektief het.¹⁰⁴ Die gevolg hiervan is 'n reeks uitdruklike verklarings en veranderings wat voortduur op aparte spore.

In die afwesigheid van sosiale beskerming, ontvang sekere kontrakswerkers private voordele van hul werkgewers.¹⁰⁵ Hierdie is mees omvangryk in die mynindustrie, waar migrante werkers wat gewerf is deur die TEBA voorsien word met behuising, mediese sorg, lewensversekering, en soortgelyke bydraes vir 'n voorsorgfonds, indien daar een gevestig is deur die myn, as kontraktuele voordele.¹⁰⁶ Terwyl dit as vrygewig gesien kan word in verhouding tot ander industrieë, het hierdie voordele verskeie tekortkominge. Eerstens word die omvang en kwaliteit hiervan nie gespesifiseer in die TEBA dienskontrak nie, wat aan die werkgewer breë speling oorlaat met verwysing na wat om te voorsien. Tweedens maak werkgewers geen voorsiening vir aftredings pensioene vir rang en leër werkers nie, en voorsien slegs eenmalige betalings vanuit voorsorgfondse. Derdens is private voordele opsioneel aan die kant van die werkgewer en strek oor die algemeen nie verder as die werker se diens tydperk nie. As 'n gevolg, word dit onbeskikbaar net soos wat die werker die beskerming die meeste benodig.¹⁰⁷

Onlangs het daar twee veranderinge in verband met die sosiale beskerming van migrante plaasgevind, naamlik 'n reeks uitbreidings van sosiale beskerming wat deur die Parlement ingewy was asook 'n kontrasterende beperking deur die

104 Reitzes 1995 *Divided on the 'Demon': Immigration Policy Since the Election* Johannesburg: Centre for Policy Studies.

105 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 8; TEBA Development Social and Labour Plan Support <http://www.teba.co.za/tebadev/rurdev.asp?id=7&cID=6>, Datum van gebruik 30 September 2005.

106 TEBA se plattelandse infrastruktuur, wat ontwikkel het oor die jare, het sy primêre sterkte in die organisasie, administrasie en beheer van die finansiële sake van werkers. TEBA maak voorsiening vir geldelike oordragte vanuit Suid-Afrika na buurstate. Abalimi Phabili Celebration day 4 Mei 2005 <http://www.teba.co.za/tebadev/index.asp> Datum van gebruik 30 September 2005.

107 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 8.

Departement van Welsyn wat wysigings implementeer indien deur die Parlement goedgekeur.¹⁰⁸ In terme van die Kabinet se handeling, is daar aan tydelike kontrakswerknemers wie se werk van lange duur was, geleentheid gegun om aansoek te doen vir permanente verblyfstatus en om op sodanige wyse te kwalifiseer vir sosiale beskerming op dieselfde basis as Suid-Afrikaanse burgers.¹⁰⁹ In 'n verwante aksie, het die Kabinet ook 'n tydperk van amnestie gevestig waartydens langtermyn onwettige migrante na vore kon kom, hulself identifiseer en permanente verblyfstatus kon bekom. Hierdie amnestie is eng omskryf ten einde slegs van toepassing te wees op migrante in die omgewing wat voldoen het aan vier voorwaardes. Hulle moes Suid-Afrika binnegekom het voor 1 Julie 1991,¹¹⁰ winsgewend indiens gewees het; geen kriminele rekord gehad het nie; en beide 'n eggenoot en kind gehad het wat Suid-Afrikaans is. Die tydperk vir aansoeke om amnestie het op 30 November 1996 gesluit.¹¹¹ Die doel van hierdie oefening was om die ongelyke behandeling van migrante te beeindig. Dus, vanaf 1 Maart 1996, het migrante wat om permanente verblyf aansoek gedoen en bekom het nie meer sosiale beskerming geniet gelykstaande aan dié van Suid-Afrikaanse burgers nie.¹¹² Terwyl hul wél UIF voordele sou ontvang, sou hul steeds nie geregtig wees op bejaardheid- en ongeskiktheidsdekking. Sodra permanente verblyfstatus bekom is, is die bewoner geregtig om aansoek te doen vir Suid-Afrikaanse burgerskap.¹¹³ Indien hul die laasgenoemde sou bekom, kan hul dan aansoek doen vir sosiale bystand mits hul voldoen aan die verkiesbaarheids vereistes.¹¹⁴ Die netto effek van die twee agentskappe se aksies is om sosiale beskerming uit te brei aan die een kant en aan die ander kant 'n gedeelte van die dekking weg te neem.

108 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 9.

109 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 10; IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 7 – 8.

110 Die herroepings datum van die *Wet op die Beheer van Vreemdelinge* 40 van 1973.

111 Rohan 25 June 1996 *The Sowetan* 8.

112 *Khosa and Others v Minister of Social Development and Others; Mahlaule and Another v Minister of Social Development and Others* 2004 6 BCLR 569 (KH).

113 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 10; LAWSA Volume 2(2) citizenship and nationality, basic concepts, residents and migrants.

114 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 10; LAWSA Volume 2(2).

3.2 Beperkings in nasionale wetgewing wat migrante werkers affekteer

Sosiale sekerheidsskemas bevat oor die algemeen 'n aantal kenmerke wat migrante werkers benadeel in teenstelling met daardie werkers wat hul totale werkslewe voltooi het in slegs een land.¹¹⁵

Een van hierdie kenmerke is die territorialiteitsbeginsel, wat beteken dat die omvang van die toepassing van sosiale sekerheidswetgewing, soos enige nasionale wetgewing, beperk word tot die grense van die land waardeur dit uitgevaardig is.¹¹⁶ Dit is nie net 'n weerspieëling van die soewereiniteit van die staat asook respek vir die soewereiniteit van buurstate nie, maar ook 'n resultaat van die tegniese onmoontlikheid daarvan om gebiedende wetgewing af te dwing buite die Staat.¹¹⁷ Vir hierdie redes, kan 'n Staat wat die beskerming wat deur sy sosiale sekerheidsskema verleen word wil uitbrei na burgers wat woonagtig is buite die grense van sy grondgebied, normaalweg dit slegs doen deur aan hierdie burgers die moontlikheid van vrywillige deelname aan te bied of om spesifieke ooreenkomste met die land van verblyf te sluit.¹¹⁸

By wyse van die beginsel van territorialiteit, kan dit ook gebeur dat voordele nie betaal word aan begunstigdes wat buite die land bly nie. Sodanige beperkings, wat aanvaar is in terme van 'n aantal IAO Konvensies,¹¹⁹ kan die gevolg wees

115 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 5; Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 10 – 12.

116 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 5; Wallace *International Law* 92.

117 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 5; Wallace *International Law* 93.

118 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 5; Cassese *International Law* 11.

119 Internasionale Arbeids Organisasie; Gelykheid van Behandeling (Vergoeding vir Ongelukke) Konvensie 19 van 1925; Konvensie op Gelykheid van Behandeling (Sosiale Sekerheid) 118 van 1962.

van monetêre beperkings, wat gewoonlik die geval is by ontwikkelende lande, of as gevolg van administratiewe probleme byvoorbeeld voordele in tipe soos mediese dienste wat nie direk voorsien kan word deur die bevoegde sosiale sekerheids instansie buite die gebied van sy bevoegdheid nie. Beperkings kan ook die gevolg wees van die onderliggende idee dat 'n Staat, in die eerste plek, verantwoordelik is vir die mense wat binne sy grense woonagtig is.¹²⁰

'n Verdere beginsel wat migrante werkers affekteer is die beginsel van nasionaliteit, wat vreemdelinge kan uitsluit van dekking of geregtigheid tot (sekere) voordele of kan aan hulle minder voordelige behandeling toestaan.¹²¹ Sodanige diskriminerende reëls kan gevind word in sommige lande, maar slegs 'n paar gaan sover om enige sosiale sekerheidsdekking aan vreemdelinge te weier. 'n Voorbeeld hiervan kan gevind word in die Golf State: Saudi Arabia sluit al vreemdeling werkers uit van dekking in terme van die pensioen skema wat deur die Algemene Organisasie vir Sosiale Versekering (GOSI)¹²² bestuur word, sedert Maart 1987.¹²³ Uitsluitende bepalings verwys meer gereeld na sekere spesiale kategorieë, soos vreemdelinge wat alreeds voordeel trek vanuit 'n ander land se bepaling, ten einde oorvleuelende verpligtinge te vermy. Soms word vreemdelinge uitgesluit as gevolg van hul funksie, byvoorbeeld beamptes van internasionale instellings of diplomatieuse of konsulêre sendings en hul private huishoudelike personeel, die duur van hul diens of verblyf, byvoorbeeld vreemde burgers wat werk of bly in 'n land vir slegs 'n sekere tydperk, of hul plek van verblyf in die geval van mense wat oorsee werk, vrywillige aansluiting van nie-burgers kan beperk word tot burgers; aansluiting tot die sosiale sekerheidsskema kan oorgelaat word aan die diskresie van die burgerlike werkgewer.¹²⁴ Grenswerkers wat van vreemde nasionaliteit is wie se werksplek in een land is

120 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 5-6; Cassese *International Law* 6.

121 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 6; Sien voetnoot 112.

122 In Engels die *General Organisation for Social Insurance*.

123 Buitelandse werkers word slegs gedek deur die beroepsbesering sosiale versekering skema. IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 6.

124 Liffman *ea Scope of Application* 28-29.

terwyl hul verblyf in 'n ander land is, kan uitgesluit word van aansluiting in die land van diens indien daar geen ooreenkoms is met die land van oorsprong nie.¹²⁵

Geregtigheid op voordele moet, dieselfde as dekking, geweier of toegestaan word slegs onder die voorwaarde van wederkerigheid òf dit kan onderworpe gemaak word aan verskeie beperkings. Dit is in hierdie verband wat inkortings van gelyke behandeling tussen burgers en nie-burgers mees gereeld voorkom.¹²⁶ In die meeste gevalle word nie-bydraende of gedeeltelike bydraende voordele, wat eksklusief of hoofsaaklik deur publieke fondse gefinansier word en somtyds toegestaan word op voorwaarde van ongenoegsaamheid van hulpbronne, beperk tot burgers. Dit kan die geval wees met pensioene, familietoelae en werkloosheids voordele.¹²⁷

In ander gevalle, gaan die erkenning van 'n vreemdeling se reg tot sosiale sekerheid saam met beperkings wat verband hou met hul reg op voordele, die bedrag van die voordele en die duur van betaling, en die status van die begunstigdes. Dit kan byvoorbeeld wees dat die kwalifiseringsvoorwaardes vir vreemdelinge strenger is as vir burgers. Die tyd van indiensname of aansluiting van verblyf wat vereis word mag langer wees vir nie-burgers as vir burgers.¹²⁸

'n Ander kategorie van diskriminasie kan toegeskryf word aan die sosiale sekerheids ooreenkomste self. As 'n reël, waarborg hierdie ooreenkomste gelyke behandeling aan die burgers van die kontrakterende partye in terme van die wette van daardie partye.¹²⁹ Die gebrek van harmonisering van die

125 IAO *Social security for migrant workers* :3; IAO: *Equality of treatment of nationals and non-nationals in social security*, Verslag VIII (1), ILC, 45ste sessie, Geneva, 1961.

126 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 7; Liffman *ea Scope of Application* 29.

127 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 7; Liffman *ea Scope of Application* 26.

128 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 7; Strydom (red) *Essential Social Security Law* 262 – 263.

129 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 7; Olivier *Social Protection in SADC* 63.

wetgewings en die wyd variërende terme van die ooreenkomste kan egter lei tot klaarblyklike verskille in die situasie van vreemdelinge ooreenkomstig hul nasionaliteit. In die land van diens, kan werkers van verskillende nasionaliteite verskillend behandel word ooreenkomstig hul oorsprong.¹³⁰ Aangesien die wederkerige ooreenkomste slegs van toepassing kan wees op sekere vlakke, kan die behandeling ook verskil met die omtrek van die sosiale sekerheid in die land van oorsprong. Dit wil sê dat daar in toevoeging tot ongelykheid tussen vreemdelinge en burgers, ook ongelykheid kan wees tussen vreemdelinge in dieselfde land van diens.¹³¹ Hierdie ongelykhede is veral bekendgestel in die konteks van bilaterale onderhandelinge, waarbinne die voordele wat toegeken word kan varieër met die kontrakterende land.¹³²

Van besondere belang is die feit dat geregtigheid op meeste sosiale sekerheids voordele onderworpe is aan tydperke vir kwalifisering, wat kan bestaan uit tydperke van versekering, van beroepsaktiwiteit of van verblyf.¹³³ Dit beteken dat 'n werker wat beweeg vanaf een land na 'n ander die risiko loop om die voordeel van die kwalifiserings tydperk wat voltooi is in die eerste land te verloor, en dan dalk 'n nuwe kwalifiserings tydperk sal moet voltooi in die tweede land. Behalwe in die geval van mense wie se beroepe 'n gedurige verandering in werksplekke vereis,¹³⁴ sal die risiko om nie gedek te word nie so ernstig voorkom vir korttermyn voordele soos siekte of werkloosheids voordele, aangesien die kwalifiserings tydperk wat vereis word vir hierdie voordele oor die algemeen redelik kort is, maar by langtermyn voordele, in besonder ouderdom, ongeskiktheids- en oorlewendes voordele, kan die kwalifiserings tydperk wees

130 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 7; Olivier *Social Protection in SADC* 63.

131 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 7; Olivier *Social Protection in SADC* 63.

132 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 7; Olivier *Social Protection in SADC* 35.

133 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 11–12; IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 7.

134 Byvoorbeeld seemanne wat diens doen op verskillende skepe onder onderskeie vlae.

tussen 5 en 30 jaar wees.¹³⁵ Die feit bly egter staan dat ongeag die lengte van die kwalifiserings tydperk, selfs 'n voorlopige gebrek van beskerming teenstrydig is met die doel van voortdurende sosiale sekerheidsbeskerming ongeag van die werkplek van 'n migrante werker.¹³⁶

3.3 *Tipes migrasie*

Die reëls wat die sosiale beskerming van migrante werkers beheer, moet aangepas word na die verskillende omstandighede waarin migrante werkers hulself mag bevind. Hulle belange kan in hierdie opsig oorwegend verskil ooreenkomstig die graad en tipe sosiale sekerheidsbeskerming in hul land van oorsprong of in die land waar hulle indiens is, ooreenkomstig hul familie omstandighede en ooreenkomstig die tipe beroepsaktiwiteit.¹³⁷ Wat die sosiale sekerheidsdekking betref, kan migrante werkers hulself in verskeie situasies bevind. Hulle kon beskerming in hulle land van oorsprong gehad het, maar word nie beskerm in die land van diens nie, of die beskerming wat gebied word deur hul land van oorsprong kan dalk groter wees as dié wat aangebied word deur die land van diens. In hierdie gevalle sal migrante werkers natuurlik die sosiale beskerming wat hulle geniet het in hul land van oorsprong wil handhaaf en, waar moontlik, om dit uit te brei na die land van diens, of ten minste 'n soortgelyke beskermingsvlak te verseker op ander wyses, byvoorbeeld deur addisionele private versekering.¹³⁸ Die beskerming wat verleen word in die land van diens kan baie beter wees as dié wat aangebied word in die land van oorsprong. Migrante werkers se hoofbelang sal dan wees om so vinnig en omvangryk moontlik volle beskerming te geniet onder die skema van die land van indiensname. Hulle mag dalk verhuis vanaf een land waar hulle nie gedek is deur sosiale sekerheid nie na 'n ander land waar hulle ook nie gedek word deur

135 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 8; Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers* 5–6.

136 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 8; Olivier *Towards Social Protection* 26–27.

137 LAWSA Volume 13(2) par 89; LAWSA Volume 13(1) par 21.

138 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 3; Strydom (red) *Essential Social Security Law* 259.

sosiale sekerheid nie. In sodanige gevalle sal hul hoof kommer wees om een of ander tipe dekking te bekom deur vrywillige en/of private versekering, of dit nou in die land van oorsprong of in die land van diens is. Dit kan ook gebeur dat hulle dekking geniet in beide hul land van oorsprong as die land waar hulle indiens is. Maar selfs dan kan die beskerming wat aan hulle gebied word, van beperkte waarde wees: Daar kan gapings wees in die dekking wat deur die land van diens gebied word, byvoorbeeld die skema dek nie alle gebeurlikhede nie, 'n kwalifiserings tydperk verhoed hulle daarvan om verkiesbaarheid onmiddelik te geniet, ensovoorts. Geregtigheid op voordele kan beperk wees tot die grondgebied van die land van diens, wat beteken dat hulle, of hul familieleden wat agter gelaat is, geen beskerming geniet vir die tydperk wat hulle buite die land van diens spandeer of indien hul terugkeer na hul land van oorsprong.¹³⁹

Die tipe beroepsaktiwiteit van 'n werker sal 'n onmiddelike impak hê op sy/haar belange met verwysing na sosiale sekerheid. Vir rondreisende werkers of seemanne, asook toeriste, is die hoof kommer om gesondheidssorg dekking te geniet ongeag waar hul gaan. Aan die ander kant, sal hulle nie wil verander van een skema na 'n ander nie, maar sal voortdurend gedek wil word deur een skema ongeag van die land waarin hul huidiglik indiens is. Dieselfde is van toepassing op werkers wat tydelik oorsee geplaas is deur 'n werkgever. Hierdie werkers wil oor die algemeen aansluiting tot die skema waaronder hul voorheen gedek is, handhaaf.¹⁴⁰ Grenswerkers is deel van 'n spesiale kategorie aangesien hul 'n verstaanbare belang het daarin om toegang te hê tot alle voordele in beide die land van diens as die land van oorsprong.¹⁴¹

139 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 4; Strydom (red) *Essential Social Security Law* 258.

140 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 4; Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 11.

141 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 3; Olivier *et al* *The Extension of Social Security Protection in South Africa* 111–112.

4. Reg op gelykheid

Die beginsels van gelykheid voor die reg asook gelyke beskerming deur en voordeel van die reg betrek nie slegs gelykheid in die toepassing van ander menseregte nie, soos eiendom en toegang tot sosiale sekerheid, maar ook die reëls van sosiale sekerheidswetgewing. Dit word verder ondersteun deur die toevoeging van gelyke beskerming en voordele, waarvan beide kernelemente is van sosiale sekerheidswetgewing.¹⁴²

Die voorrede van artikel 1 van die Grondwet herbevestig die belangrikheid van die bereiking van gelykheid in Suid-Afrika. Artikel 9(3) en 9(4) verbied onbillike diskriminasie deur die staat sowel as private individue of instellings onderskeidelik.

4.1 Reg op toegang tot sosiale sekerheid

Terwyl daar verskeie sake is wat of direk of indirek 'n invloed het op die vlak van sosiale sekerheid en sosiale beskerming, kan die volgende beslissings gesien word as miskien die mees betekenisvolle bydraes tot die vorming van die omtrek van die debat oor sosio-ekonomiese regte, in besonder insover die debat betrekking het op sosiale sekerheid en sosiale beskerming.

In sy *Sertifiserings* beslissing,¹⁴³ het die Grondwetlike Hof erken dat sosio-ekonomiese regte wêl beregbaar is. Die bepaling van die omtrek van die begunstigdes wat geregtig is tot die reg op toegang tot sosiale sekerheid en verwante sosiale sekerheidsregte bly egter 'n ontmoedigende taak.

142 Mashava (red) *A Compilation of Essential Documents on the Right to Social Security* 19.

143 *In re: Certification of the Constitution of the Republic of South Africa*, 1996 1996 4 SA 744 (KH).

In *Treatment Action Campaign and Others v Minister of Health and Others*¹⁴⁴ het die hof gestel dat wanneer sosio-ekonomiese regte asook die ooreenstemmende verpligtinge van die staat oorweeg moet word, kennis geneem moet word van die betrokke sosiale en historiese konteks.¹⁴⁵ Die staat is verplig om redelike maatreëls te neem ten einde op toenemende wyse die groter areas van uiterste ontneming wat ons samelewing affekteer uit te roei.¹⁴⁶

In *The Government of the Republic of South Africa v Grootboom*¹⁴⁷ is hierdie betrokke redelikheid weereens bespreek. Daar is gestel dat maatreëls slegs redelik sal wees indien die graad en omvang van die weiering van die reg wat hul poog om te verwesenlik ook in ag geneem moet word. Die toets vir redelikheid betrek die vraag of die beleide en programme wat deur die Staat geïmplementeer is redelik was in hul formulering en implementering.¹⁴⁸

In die *Khosa* saak het die hof bepaal dat indien die regering kan regverdig waarom dit nie voordele uitbetaal aan almal wat daartoe geregtig is in terme van artikel 27 op die gronde dat dit onbekostigbaar sou wees, moet die criteria wat gebruik word om die betaling van daardie voordele te beperk (*in casu* burgerskap) voldoen aan die Handves van Regte as 'n geheel. Indien die maatreëls wat deur die wetgewer gekies word om gevolg te gee aan die positiewe verpligting in terme van artikel 27 ander grondwetlike regte onbillik beperk, moet dit ook in ag geneem word.¹⁴⁹

144 *Treatment Action Campaign and Others v Minister of Health and Others* 2002 4 BCLR 356 (T); hierna verwys na as *TAC v Minister of Health*.

145 *Minister of Health and Others v Treatment Action Campaign and Others* 2002 10 BCLR 1033 (KH) para 24; Hierna verwys as *Minister of Health v TAC*.

146 *Minister of Health v TAC* para 36. Die belangrike geskilpunt in hierdie saak was of die staat se weiering om Nevirapine te voorsien by alle publieke gesondheids fasiliteite gesien kan word as redelik.

147 *The Government of the Republic of South Africa and Others v Grootboom and Others* 2000 11 BCLR 1169 (KH) par 44; hierna verwys na as *Government of the Republic of South Africa v Grootboom*.

148 *Government of the Republic of South Africa v Grootboom* par 42.

149 Sien *Khosa* saak par 572.

4.2 Die rol van internasionale en vergelykende reg

Die Suid-Afrikaanse Grondwet neem 'n benadering aan wat onmiskenbaar elemente van internasionale sowel as vergelykende reg vervat.¹⁵⁰ Die belangrikste bepalings in hierdie verband, wat 'n invloed het op die interpretasie van fundamentele regte, word gevind in artikel 39(1)(b) en (c) asook in artikel 233. 'n Hof, tribunal of forum *kan* (maar is nie verplig) om *vreemde reg* in ag te neem.¹⁵¹ Artikel 39(1)(b) bepaal egter dat 'n hof, tribunal of forum, wanneer die Handves van Regte geïnterpreteer word, *internasionale reg* in ag *moet* neem. Volgens die Grondwetlike Hof se uitspraak in *S v Makwanyane*¹⁵², in die konteks van die bepaling, sluit publieke internasionale reg nie-bindende sowel as bindende reg in.¹⁵³ Internasionale ooreenkomste en gewoonteregtelike internasionale reg bied dus 'n raamwerk waarbinne die Handves van Regte geïnterpreteer en verstaan kan word. Wanneer internasionale reg in oorweging geneem word, kan die besluite van verskeie howe, tribunale asook ander toesighoudende liggame – wat handel oor vergelykbare instrumente (soos die Verenigde Nasies Komitee oor Menseregte)- leiding verskaf aangaande die korrekte interpretasie van spesifieke bepalings van die Handves van Regte.¹⁵⁴ Die Konstitusionele Hof het dit egter al duidelik gemaak dat, alhoewel dit gebonde is om internasionale reg te oorweeg, is 'n hof, tribunaal of forum geensins verplig om dit te volg nie. Die relevante internasionale reg kan leiding gee in die interpretasie maar die gewig wat geheg word aan enige spesifieke beginsel of reël sal wissel. Waar die relevante beginsel van die internasionale reg egter Suid-Afrika bind, mag dit direk toepasbaar wees.¹⁵⁵ Dit is dus nie verrassend dat die howe nog nie gehuiwer het om die bepalings van internasionale instrumente op te roep wanneer fundamentele regte

150 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 59.

151 Artikel 39(1)(c).

152 1995 6 BCLR 665 (KH) par 35.

153 *S v Williams* 1995 3 SA 632 (KH)- hier is beide bindende as nie-bindende internasionale reg oorweeg.

154 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 59.

155 *Prince v The President of the Law Society, Cape of Good Hope* 1998 BCLR 976 (K) 984-986, 988-989.

geïnterpreteer word, insluitend daardie regte wat 'n sosio-ekonomiese karakter het.

5. Die reg op sosiale sekerheid op internasionale vlak

Die internasionale sisteem vir die beskerming van menseregte bestaan uit die globale en streeks sisteme vir die beskerming en bevordering van menseregte.¹⁵⁶ Die globale sisteem bestaan uit die afdwinging van norme vir menseregte deur die Verenigde Nasies en gespesialiseerde Agentskappe. Daar bestaan ses verdragsgebaseerde agentskappe wat gevestig is onder elk van die ses groot menseregte verdrae, waarvan die Komitee op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte die belangrikste in die konteks van hierdie artikel is.¹⁵⁷

Die Suid Afrikaanse Menseregtekommissie¹⁵⁸ is verantwoordelik vir die beskerming van menseregte. Hierdie beskerming word verrig deur middel van twee prosedures: een is deur middel van Resolusie 1235, wat die Kommissie bemaatig om klagtes vanaf enige bron te oorweeg wat inligting bevat aangaande "groot" skendings van menseregte en ook om 'n studie uit te voer ten einde te bepaal of die inligting 'n konstante patroon van menseregtelike skendings ontbloot. Die tweede is die sogenaamde "1503 prosedure" wat die Kommissie bemaatig om klagtes te ontvang vanaf enige bron en teen enige Staat mits daar genoeg klagtes is om aan te dui dat daar 'n besondere situasie bestaan in die staat wat as bewys dien van groot skendings van menseregte. Die Kommissie maak dan aanbevelings aan die Ekonomiese en Sosiale Raad¹⁵⁹ in nastrewing

156 Mashava (red) *A Compilation of Essential Documents on the Right to Social Security* 2.

157 Internasionale Konvensie op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte. International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights; Hierna verwys as ICESCR van 16 Desember 1966.

158 In Engels *The South African Human Rights Commission* hierna verwys as SAHRC, is gevestig op 2 Oktober 1995. Sien http://www.sahrc.org.za/sahrc/cms/publish/cat_index_34.shtml Datum van gebruik 3 Desember 2005.

159 In Engels *Economic and Social Council*; Hierna verwys na as ECOSOC.

van Resolusie 1503.¹⁶⁰ Die Gespesialiseerde Agentskappe sluit die Internasionale Arbeidsorganisasie in, wat spesifiek sosiale sekerheids sake behandel.

Daar bestaan drie verskillende vlakke vir die beskerming van menseregte: Afrika, Europees en Inter-Amerikaanse vlak. Die Afrika sisteem is gebaseer op die Afrika Verdrag vir Mense en Persone se Regte.¹⁶¹ Dit word afdwing deur die Afrika Kommissie vir Mense en Persone se Regte.¹⁶² Hierdie Kommissie het die bevoegdheid om beide staats- en individuele klagtes te ontvang, en State word ook vereis om verslae in te dien elke twee jaar.

Die Europese sisteem is gebaseer op die Europese Konvensie op Fundamentele Regte en Vryhede en die Europese Sosiale Verdrag. Afdwinging word verseker deur die Europese Kommissie vir Menseregte en die Europese Hof vir Menseregte, wat individuele asook staatsklagtes hanteer. Hierdie sisteem is die oudste plaaslike sisteem (gevestig in 1950) en het oorwegende jurisprudentie ontwikkel aangaande menseregte.¹⁶³

5.1 Globale Vlak

5.1.1 Nie-bindende Instrumente

Die reg op sosiale sekerheid geniet wye en uitgebreide erkenning en beskerming op die internasionale vlak. Die Universele Deklarasie van Menseregte¹⁶⁴ waarborg die reg op sosiale sekerheid aan almal in gevalle van werkloosheid, siekte, ongeskiktheid, weduweenskap, ouderdom of ander gebrek aan

160 Mashava (red) *A Compilation of Essential Documents on the Right to Social Security* 2.

161 African Charter on Human and Peoples' Rights van 27 Junie 1981, in werking getree op 21 Oktober 1986.

162 African Commission on Human and Peoples' Rights.

163 Mashava (red) *A Compilation of Essential Documents on the Right to Social Security* 3.

164 In Engels Universal Declaration on Human Rights; Hierna verwys as UDHR.

lewensonderhoud wat buite sy/haar beheer is.¹⁶⁵ Die UDHR het geen bindende effek, behalwe tot in die mate wat sekere van die regte wat dit waarborg die status van gewoonteregtelike internasionale reg bekom het. Tesame met die Internasionale Konvensie op Siviele en Politieke Regte en die Internasionale Konvensie op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte vorm die UDHR die Internasionale Handves van Regte.¹⁶⁶ Die aanname van die UDHR in 1948 het 'n gewilligheid deur die internasionale gemeenskap ten toon gestel om morele regte om te sit in bevestigende regte.¹⁶⁷ Artikel 22 van die UDHR bepaal die volgende:

Everyone, as a member of society, has the right to social security and is entitled to realization through national effort and international cooperation and in accordance to the organization and resources of each State, of the economic, social and cultural rights indispensable for his dignity and the free development of his personality.

5.1.2 *Bindende Instrumente*

Die reg op sosiale sekerheid word ook beskerm in die vernaamste internasionale instrumente wat ekonomiese en sosiale regte beskerm, soos die Internasionale Konvensie op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele regte.¹⁶⁸ Verpligtinge in terme van die ICESCR word afgedwing deur die prosedure van rapportering in terme van artikels 16 en 17. Artikel 9 van die ICESCR waarborg 'n algemene reg op sosiale sekerheid, insluitend sosiale versekering. Hierdie artikel, in teenstelling met artikel 27 van Suid-Afrika se Grondwet, kwalifiseer nie die reg met die woorde "toegang tot" nie. Die implementering van die reg op sosiale sekerheid word egter beperk deur die feit dat dit progressief geïmplementeer moet word.¹⁶⁹ In terme van die riglyne aangaande rapportering deur State onder die Konvensie, vereis die CESCR van State om inligting te verskaf aangaande sosiale sekerheid

¹⁶⁵ Artikel 22 van die UDHR.

¹⁶⁶ Jansen van Rensburg *Toegang tot sosiale sekerheid* 126.

¹⁶⁷ Ben-Israel 1995 *Comparative Labour Law Journal* 145.

¹⁶⁸ Hierdie dokument beskryf ook die regte wat daarin vervat is breedvoerig. Jansen van Rensburg en Olivier *International and Supra-national Law* 621 en 136; Liebenberg 1995 *SAJHR* 359.

¹⁶⁹ Jansen van Rensburg en Olivier *International and Supra-national Law* 637.

gebasseer op die kategorieë van voordele wat gebruik word in die IAO se Konvensie op Sosiale Sekerheid (Minimum Standaarde) No.102 van 1952.¹⁷⁰

Ekonomiese, sosiale en kulturele regte is ontwerp om die beskerming van individue as volwaardige persone, gebasseer op 'n perspektief waaruit mense regte, vryhede en sosiale geregtigheid gelyktydig kan geniet. In byvoeging tot artikel 9 en 10, vereis artikel 11 van die Konvensie dat State 'n voldoende lewensstandaard waarborg aan elkeen. Dit impliseer die voorsiening van "sosiale bystand en ander behoefte-gebasseerde vorms van sosiale voordele in kontant of tipe aan enigiemand sonder voldoende hulpbronne".¹⁷¹

In terme van beide die Konvensie wat verband hou met die Status van Vluchteling van 1951¹⁷² asook die Konvensie wat verband hou met die Status van Staatslose Persone¹⁷³ is die beginsel van "nasionale behandeling" van toepassing. Die beginsel van nasionale behandeling waarborg aan vluchteling en ander kategorieë van nie-burgers binne 'n Staat dieselfde behandeling as wat die burgers van daardie Staat ontvang. Soortgelyke bepalings vir die beskerming van staatslose persone en migrante werkers en lede van hul familie word vervat in die Staatslose Persone Konvensie¹⁷⁴ asook die Internasionale Konvensie op die Beskerming van die Regte van alle migrante werkers en Lede van hulle Families.¹⁷⁵

Die Internasionale Konvensie op die Beskerming van die Regte van alle Migrante Werkers en hul Families is ook baie belangrik in hierdie verband. Hierdie Konvensie lê, vir die eerste keer, internasionaal univorme definisies neer wat

170 Mashava (red) *A Compilation of Essential Documents on the Right to Social Security* 5.

171 Mashava (red) *A Compilation of Essential Documents on the Right to Social Security* 5.

172 Vluchteling Konvensie van 28 Julie 1951.

173 Staatslose Persone Konvensie van 28 September 1954.

174 Artikel 24 van die Konvensie wat verband hou met die Status van Staatslose Persone.

175 Artikels 27, 45 en 54 van die Internasionale Konvensie op die Beskerming van die Regte van alle Migrante Werkers en Lede van hul families.

deur State ooreengekom is vir verskillende kategorieë migrante werkers. Die State het ook ooreengekom dat daar 'n behoefte bestaan daaraan dat die sturende, deurgangs en ontvangende lande beskermende maatreëls namens migrante werkers moet in stel.¹⁷⁶ Hierdie Konvensie vestig standarde waaraan die betrokke State moet gehoor gee met betrekking tot migrante werkers. Die konvensie beliggaam ses internasionale menseregte verdrae wat vandag van krag is. Dit maak ook voorsiening vir die vestiging van 'n moniterings meganisme in die vorm van 'n internasionale liggaam van onafhanklike kundiges. Hierdie onafhanklike liggaam sal die implementering van die Konvensie deur die partye tot die Konvensie periodiek hersien. Die konvensie is oop vir ondertekening (onbepaald), ratifisering en toetrede (artikel 86).

Internasionale reëls wat deur State toegepas moet word binne hul eie regssisteme moet oor die algemeen ingelyf word in nasionale reg.¹⁷⁷ Die rede hiervoor is omdat die internasionale gemeenskap uit soewereine State bestaan, wat elk die individue wat onderworpe is aan hul jurisdiksie wil beheer en self wil besluit oor die mate waarin daardie individue oor regte en verpligtinge beskik.¹⁷⁸ Wanneer dit met ander woorde nodig is om internasionale reëls toe te pas binne 'n Staat moet dit in die meeste gevalle omskep word in munisipale reg. Internasionale reëls kan nie suksesvol wees sonder behoorlike en konstante ondersteuning vanaf nasionale regssisteme.¹⁷⁹

5.2 Internasionale Arbeidsorganisasie

Die beskerming van migrante werkers is al sedert die stigting 'n konstante probleem vir die Internasionale Arbeidsorganisasie.¹⁸⁰ In terme van artikel 22 van die Grondwet van die Internasionale Arbeidsorganisasie word van elke

176 Jansen van Rensburg en Olivier *International and Supra-national Law* 641.

177 Jansen van Rensburg en Olivier *International and Supra-national Law* 636.

178 Office of the High Commissioner for Human Rights *Fact Sheet No.24 The Rights of Migrant Workers* <http://www.unhcr.ch/html/menu6/2/fs24.htm>. Datum van gebruik 29 Augustus 2005.

179 Cassese *International Law* 9.

180 Cassese *International Law* 9

lidstaat vereis om jaarliks 'n verslag in te dien aan die Internasionale Arbeidskantoor aangaande die maatreëls wat geneem is om uitvoering te gee aan die bepalings van die Konvensie waartoe dit 'n lid is. Die IAO Grondwet erken ook die reg van State om klagtes te maak oor nie-voldoening aan die bepalings van die Konvensie deur ander State. Die prosedure vir die behandeling van sodanige klagtes word uiteengesit in artikel 26 tot 34 van die Grondwet.¹⁸¹

Op die gebied van sosiale sekerheid is die belangrike verdrag van die IAO die Sosiale Sekerheidskonvensie 102 van 1952 (Minimum standaarde). Die Konvensie dek die nege tipe voordele wat nou geag word om die kern van sosiale sekerheid uit te maak. Dit is die volgende: mediese sorg; siekte voordele; werkloosheids voordele; ouderdoms voordele; werksbesering voordele; familie voordele; kraam voordele; ongeskiktheids voordele; en oorlewendes voordele. Tradisioneel het die stappe wat onderneem word deur die IAO in die gebied van sosiale sekerheid onder twee hoofde geval, aan die een kant vrae wat verband hou met die voorwaardes van werwing, plasing en indiensneming van migrante werkers;¹⁸² aan die ander kant, die sosiale sekerheid beskerming van hierdie werkers en van lede van hul families.¹⁸³

Daar bestaan vyf Konvensies wat die sosiale sekerheid beskerming van migrante werkers behandel. Dit is onder ander die *Gelykheid van Behandeling (Vergoeding vir Ongelukke) Konvensie, 1925 (No.19)*, wat beperk word tot vergoeding wat ontstaan uit industriële ongelukke, die *Handhawing van Migrante se Pensioen Regte Konvensie, 1935 (No.48)*, wat 'n direk toepasbare skema vestig vir die handhawing van regte tot sieklikheid, ouderdom en oorlewings voordele, die *Gelykheid van Behandeling (Sosiale Sekerheid) Konvensie, 1962*

181 Mashava (red) *A Compilation of Essential Documents on the Right to Social Security* 9.

182 Die belangrikste Konvensies wat hierdie onderwerp behandel is die Migrasie vir Indiensneming Konvensie (hersien), 1949 No.97, en die Migrante Werkers (Bykomende Bepalings) Konvensie, 1975 No.143.

183 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 8; Olivier ea *Social Security Law: International and Comparative Social Security* 546.

(No.118), wat alle takke van sosiale sekerheid dek maar wat dit oorlaat aan die diskresie van die ratifiserende Staat om sy verpligtinge te aanvaar slegs in verband met sekere van hierdie takke, die *Handhawing van Sosiale Sekerheids Regte Konvensie*, 1982 (No.157), tesame met sy bykomende Handhawing van Sosiale Sekerheids Regte Aanbeveling, 1983 (No.167), wat die *Handhawing van Migrante se Pensioen Regte Konvensie*, 1935 (No.48) hersien en alle takke van sosiale sekerheid dek, en die *Sosiale Sekerheid (Seevaarders) Konvensie (Hersien)*, 1987 (No.165), wat alle regulasies aangaande sosiale sekerheid vir seevaarders omvat in een instrument.¹⁸⁴

Hierdie Konvensies vestig vyf basiese beginsels wat tegelyk in werking is in alle bilaterale of multilaterale ooreenkomste oor sosiale sekerheid, naamlik gelykheid van behandeling, wat beteken dat 'n immigrant werker sover moontlik dieselfde regte en verpligtinge behoort te hê as 'n gewone burger van dieselfde ouderdom, geslag, siviele status en relevante sosiale sekerheid kwalifikasie.¹⁸⁵ Die volgende beginsel is die vasstelling van toepaslike wetgewing om seker te maak dat daar geen ruimte is vir twyfel rondom welke spesifieke wet die sosiale sekerheid van die migrante werker affekteer.¹⁸⁶ Nog 'n beginsel is die handhawing van regte wat bekom is en voorsiening van voordele in die buiteland, wat beteken dat enige reg, of betaalde toekomstige reg, gewaarborg moet word aan die migrant in enigeen van die terreine, selfs indien dit bekom is in die ander, en dat daar geen beperking behoort te wees op die betaling, in enigeen van die betrokke lande, van voordele waarvoor die migrant gekwalifiseer het in enigeen van die ander lande.¹⁸⁷ Dan is daar die handhawing van regte wat in wording is, wat beteken dat waar 'n reg voorwaardelik gemaak word op die voltooiing van 'n kwalifiserings tydperk, tydperk wat gedien is deur die migrante werker in elke land in ag geneem moet word; en wederkerigheid, wat die

184 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 9.

185 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 9.

186 Wallace *International Law* 182.

187 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 9.

onderliggende beginsel is van al hierdie Konvensies.¹⁸⁸ Dit beteken dat gelyke behandeling toegestaan moet word slegs aan burgers van State wat self, deur die pertinente Konvensies te ratifiseer, ooreengekom het om dieselfde beginsels toe te pas.¹⁸⁹ 'n Staat wat gelyke behandeling weier aan werkers van 'n ander Staat kan nie verwag dat daardie ander Staat gelyke behandeling sal toestaan aan sy eie werkers nie.¹⁹⁰

Die hoofdoelwit van hierdie Konvensies is koördinasie van wetgewing, waardeur dit die verwydering van enige struikelblok in die pad van die toepassing van hierdie wette nastreef aan die een kant, en aan die ander kant sodanige wysiging van hul effekte ten einde gehele en voortdurende beskerming te waarborg aan migrante werkers op die basis van effektiewe gelykheid.¹⁹¹ Koördinasie van wetgewing moet onderskei word van harmonisering, wat die algemene wysiging van nasionale wetgewing impliseer ten einde 'n gemene patroon af te dwing.¹⁹² Dit veroorsaak samewerking tussen nasionale owerhede en dit lei weer op sy beurt na 'n beter verstandhouding van gemene probleme van sosiale sekerheid beskerming.¹⁹³

Die Konvensie op die Gelykheid van Burgers en Nie-burgers in Sosiale Sekerheid¹⁹⁴ waarborg die beginsel van nasionale behandeling met betrekking tot sosiale sekerheid. In terme van artikel 3 van die Konvensie moet elke lidstaat waarin die Konvensie in werking is dieselfde behandeling toestaan aan nie-burgers van ander lidstate as wat dit doen aan sy eie burgers. Die nasionale behandeling hou verband met beide die dekking as die reg op voordele. Die beskerming van nasionale behandeling is bedoel om wederkerig te wees, met ander woorde die lidstate word nie verplig om nasionale behandeling toe te pas

188 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 9.

189 Wallace *International Law* 182.

190 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 9; Cassese *International Law* 54.

191 Wallace *International Law* 182.

192 Wallace *International Law* 182.

193 IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 9.

194 IAO *Konvensie op Gelyke Behandeling (Sosiale Sekerheid)* 118 van 1962.

in gevalle waar die ander Staat nie dieselfde behandeling toestaan aan die eersgenoemde Staat nie.¹⁹⁵

5.3 Plaaslike vlak

Die uitsluiting van migrante werkers van sosiale beskerming veroorsaak ernstige vrae van 'n grondwetlike aard. In *Larbi-Odam v Member of the Executive Council for Education (North-West Province)*¹⁹⁶ is daar genoem dat die reg op gelyke behandeling voor die reg, in die area van toegang tot werk, al geïnterpreteer is om te beteken dat daar geen basis bestaan om te onderskei tussen vreemdelinge wat permanente verblyfstatus bekom het en Suid-Afrikaanse burgers nie. Dit kan ook regsgevolge hê in die area van sosiale beskerming. Die *Witskrif op Internasionale Migrasie*¹⁹⁷ erken dat daar geen grondwetlike basis is om nie-burgers uit te sluit van die toepassing van die handves van regte op die basis van 'n persoon se status terwyl in Suid-Afrika teenwoordig nie, insluitend onwettige immigrante.¹⁹⁸ Dit wil voorkom of Suid-Afrika nog nie geheg is aan die netwerk van bilaterale en multilateral konvensies aangaande die koördinering van sosiale sekuriteit nie.¹⁹⁹

Vanuit 'n regsoogpunt, is die uitsluiting van migrante werkers van die Suid-Afrikaanse sosiale sekerheidssisteem grondwetlik verdrag.²⁰⁰ Artikel 27(1)(c) van die Grondwet staan die "reg op toegang tot sosiale sekerheid" (insluitend die reg op toegang tot sosiale bystand) toe aan "elkeen". Hierdie reg word onderskryf deur die fundamentele reg op gelykheid, soos vervat in artikel 9. Vanuit 'n regsoogpunt is die reg op gelyke behandeling op die vlak van werkverband al geïnterpreteer om te impliseer dat daar geen grond is om te onderskei tussen

195 Mashava (red) *A Compilation of Essential Documents on the Right to Social Security* 10.

196 *Larbi-Odam v Member of the Executive Council for Education (North-West Province)* 1997 12 BCLR 1655 (KH) para 1658.

197 Van 31 Maart 1999; SK 529 Volume 19920 van 1 April 1999.

198 *Witskrif op Internasionale Migrasie* par 2.2-2.4.

199 LAWSA, Volume 13(2) Social security law, par.155.

200 LAWSA, Volume 13(2) Social security law, par.155.

vreemdelinge wat permanente verblyfstatus bekom het en Suid-Afrikaanse burgers nie:

Permanent residents should...be viewed no differently from South African citizens when it comes to reducing unemployment.²⁰¹

Bogenoemde mag ook regsgevolge dra in die area van sosiale beskerming, in besonder met verwysing na werkverwante sosiale sekerheidsdekking (soos COIDA, UIF en pensioene).²⁰² Met verwysing na sosiale bystand (uitsluitend, byvoorbeeld, dringende mediese sorg), is die posisie onseker, maar 'n mate van beperking kan geag word om geregverdig te wees. Daar moet egter in gedagte gehou word dat kern bystand, wat verband hou met die reg op menswaardigheid, nie geaffekteer mag word nie.²⁰³

6. SAOG streek

6.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse Ontwikkelings Gemeenskap²⁰⁴ bestaan al sedert 1980, toe dit gevorm is as 'n losweg alliansie van nege Meerderheids regerende State in Suidelike Afrika bekend as die Suid Afrikaanse Ontwikkelings Koördinerings Konferensie (SADCC)²⁰⁵, met die hoofdoelwit van koördinering van ontwikkelings projekte ten einde ekonomiese afhanklikheid van die destydse apartheid Suid-Afrika te verminder.²⁰⁶ Die stigtings lidstate is: Angola, Botswana, Lesotho, Malawi, Mozambique, Swaziland, Verenigde Republiek van Tanzania, Zambia en Zimbabwe.²⁰⁷

201 *Baloro v University of Bophuthatswana* 1995 4 SA 197 (BSC).

202 LAWSA, Volume 13(2) Social security law, par.155.

203 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 98.

204 Hierna verwys na as SAOG.

205 In Engels die *South African Development Coordinating Council*; hierna verwys na as SADCC.

206 Olivier *Social Protection in SADC* 21-22.

207 1997-2005 Southern African Marketing Co. (Pty) Ltd & SADC Secretariat *SADC Corporate Profile*
http://www.sadcreview.com/country_profiles/southafrica/southafrica.htm, Datum van gebruik 13 Julie 2005;

Ten spyte van die klem op integrasie inisiatiewe en op die verhoging van die vrye beweging van arbeid en kapitaal, goedere en dienste, asook van die mense van die streek oor die algemeen onder die lidstate,²⁰⁸ is die SAOG nie 'n supra-nasionale instelling soos die EU, ten minste nog op hierdie stadium van sy ontwikkeling. Hierdie stelling is afkomstig uit die feit dat die SAOG gebaseer is op die beginsel van die soewereine gelykheid van alle lidstate,²⁰⁹ asook vanuit die beskrywing van die SAOG as 'n *internasionale organisasie*.²¹⁰

6.2 SAOG Strukture

Besluite, beleid asook ooreenkomste wat gesluit word onder die beskerming van die SAOG is bindend en die organisasie sal oor die nodige instrumente beskik om sodanige besluite, beleid en/of programme af te dwing deur middel van die tribunaal. Sanksies mag afgedwing word teen lidstate wat, *inter alia* aanhoudend versuim, sonder goeie rede, om te voldoen aan verpligtinge wat aangeneem is onder die Verdrag; of beleide implementeer wat die beginsels en doelstellings van die SAOG ondermyn.²¹¹

6.2.1 Die Verdrag op Fundamentele Sosiale Regte

'n Verdrag van Fundamentele Sosiale Regte in SAOG²¹² wat die behoefte aan sosiale beskerming ondersteun, in besonder van werkers en weerbare groepe, is ooreengekom en is nou oop vir ratifisering deur SAOG Lidstate. Dit maak omvattende voorsiening vir ooreenstemmende programme van sosiale sekerheid regdeur die streek.²¹³

208 Artikel 5(2)(d).

209 Artikel 4(a).

210 Artikel 3(1).

211 LAWSA Volume 13 Gedeelte 2, par.123.

212 ELS.MSP/2000/4.2.5. Die finale weergawe is gedatteer 10 Augustus 2001.

213 LAWSA Volume 13 Gedeelte 2, par.128.

Die raamwerk van die Verdrag sit breë basiese standaarde uiteen wat geïmplementeer moet word regdeur die streek. Hierdie standaarde is ook 'n beslissende eerste stap in die rigting van die beskerming van migrerende burgers van SAOG lidstate.²¹⁴ Die Verdrag bevat bepalings wat verband hou met die sosiale beskerming van beide werkers as daardie persone wat nie indiens is nie – en reguleer die posisie van werkers (in terme van sosiale beskerming) op 'n meer omvattende wyse as daardie persone wat nie werk nie. Artikel 10 is die hoof artikel in hierdie verband en bepaal die volgende:

SADC Member States shall create an enabling environment such that every worker in the SADC Region shall have a right to adequate social protection and shall, regardless of status and the type of employment, enjoy adequate social security benefits. Persons who have been unable to either enter or re-enter the labour market and have no means of subsistence shall be able to receive sufficient resources and social assistance.

Die onus vir die implementering van die SAOG Sosiale Verdrag rus by die nasionale drieledige instellings en bestaande streeksstrukture.²¹⁵ Die Verdrag vereis ook van lidstate om toepaslike aksie te neem ten einde die IAO instrumente te ratifiseer en te implementeer, asook om prioriteit te gee aan die ratifisering van die kern IAO Konvensies.²¹⁶

6.2.2 *Die sosiale beskerming van burgers van SAOG lidstate as migrante in SAOG*

Alhoewel die presiese omvang van migrasie binne hierdie streek onseker is as gevolg van die afwesigheid van betroubare statistiese bewyse, is dit duidelik dat groot getalle burgers van die SAOG oor grense beweeg, en toenemend so.²¹⁷ Dit wil voorkom asof die gebrek aan beskerming wat toegestaan word aan migrante werkers in die area van sosiale sekerheid een van die kern oorsake is van

214 LAWSA Volume 13 Gedeelte 2, par.128.

215 MOROKA (MP) Minister of Trade and Industry <http://www.eia.doc.gov/cabs/sadc.html>
Datum van gebruik 28 Augustus 2005.

216 Artikel 5. Die kern Konvensies word vervat in die IAO Deklarasie op Fundamentele Beginsels en Regte by die Werk van 1998.

217 LAWSA Volume 13 Gedeelte 2, par.129.

sosiale uitsluiting in Suidelike Afrika. Beide die sosiale sekerheids en sosiale bystande sisteme in meeste van die SAOG lande is, as 'n reël, nasionaal-gebaseer.²¹⁸ Mauritius is een van die min voorbeelde waar die oorgrote sosiale beskermings sisteme verblyfs gebaseer is. Die uitsluiting van nie-burgers in sosiale sekerheids terme dien verder as 'n hindernis insover as wat die ontwikkeling van eenvormige sosiale sekerheids meganismes in die streek betrokke is.²¹⁹

Die uitsluiting van migrante werkers bring ernstige vrae van 'n internasionale publiekregteike en grondwetlike aard aan die lig.²²⁰ As 'n ondertekenende party tot die Verenigde Nasies se Konvensie op die Regte van die Kind, is Suid-Afrika in terme van die nie-diskriminasie bepaling van daardie Konvensie gebonde om nie teen kinders te diskrimineer op enige gronde insluitend nasionale oorsprong, en ook in verband met sosiale sekerheid en die voorsiening van spesifieke sosiale bystande programme.²²¹ Suid-Afrika is al gekritiseer vir die feit dat dit nie konformeer aan hierdie verpligtinge wat deur die verantwoordelike Verenigde Nasies moniterings instelling afgedwing word.²²²

6.2.3 *Sosiale beskerming in SAOG lidstate: 'n Vergelykende synopsis van lande se maatreëls*

Een van die mees treffende kenmerke is dat die meeste van die sosiale sekerheids sisteme regoor Suidelike Afrika hoofsaaklik konsentreer op die beskerming van persone wat in die formele sektor indiens is.²²³ Dit gebeur dikwels dat slegs sekere kategorieë van die formeel werksaam voordeel trek uit

218 LAWSA Volume 13 Gedeelte 2, par.129.

219 Olivier *ea Social Security Law: International and Comparative Social Security* 575.

220 Olivier *ea Social Security Law: International and Comparative Social Security* 575.

221 Olivier *ea Social Security Law: International and Comparative Social Security* 575.

222 LAWSA Volume 13 Gedeelte 2, par.129.

223 LAWSA Volume 13 Gedeelte 2, par.129.

sosiale sekerheids skemas wat saamgestel is om besondere gebeurlikhede te behandel.²²⁴

Daar bestaan egter steeds verskeie areas van kommer. Een van dié hou verband met die posisie van nie-burgers wat in baie van die sisteme uitgesluit word van die terrein van sosiale sekerheids dekking, uitgesluit daardie sisteme waar permanente verblyfstatus en 'n aantal jare van werklike verblyf voldoende is.²²⁵ Dit wil voorkom asof lidstate en SAOG instellings toenemend bewus is van die belangrikheid en dringendheid daarvan om die sosiale sekerheidssisteme van die streek te koördineer, in die lig van die toenemende migrasie en die vereistes van verhoogde integrasie in die streek.²²⁶

6.2.4 Sosiale beskerming op SAOG Vlak

Die taak van die ontwikkeling van sosiale beleid is grootliks toevertrou aan die SAOG Werkzaamheid en Arbeid Sektor.²²⁷ Die Sektor het 'n sentrale plek toegestaan aan die beskerming van weerbare groepe en die ontwikkeling van gemene benaderings in sy aktiwiteite.²²⁸ Aktiwiteite wat betrekking het op sosiale beskerming in die streek wat reeds goedgekeur is sluit in die ontwikkeling van 'n SAOG Kode van Praktyk op Sosiale Sekerheid; die vestiging van riglyne op voorwaardes van SAOG burgers en metodes van oorgrens betalings van sosiale sekerheidsvoordele; en die ontwikkeling van riglyne op die ratifisering van IAO Konvensie 102 van 1952 oor sosiale sekerheid en ander relevante oorwegings.²²⁹

224 Byvoorbeeld in Botswana en Malawi is bydraende aftredingskemas wat gevestig is deur wetgewing voordelig slegs aan publieke werknemers. http://www.sadcreview.com/country_profiles/botswana/botswana.htm Datum van gebruik 30 Augustus 2005.

225 Soos die geval is met Mauritius http://www.sadcreview.com/country_profiles/mauritius/mauritius.htm Datum van gebruik 30 Augustus 2005.

226 LAWSA Volume 13 Gedeelte 2, par.125.

227 In Engels die *Employment Labour Sector*; Hierna verwys as ELS.

228 Olivier ea *Social Security: A Legal Analysis* 659.

229 Sien Chitambo *SADC Policy Dimensions of Social Protection* par 3.3.5.

'n Konsep Oorkonde op Vryheid van Beweging van Persone in die SAOG is gesluit in Mei 1998.²³⁰ Daar is nog nie 'n politieke ooreenkoms bereik aangaande die formele opname hiervan nie in die lig van die vrese van sekere van die ryker lande in die streek dat hulle in besonder geaffekteer mag word deur te moet opgewasse wees teen die groot getalle migrerende persone.²³¹ Die Konsep Oorkonde erken dat volle deelname in die bou proses van die streek na 'n samelewing, slegs moontlik is waar die burgers van die Samelewing vryheid van beweging van persoon geniet, naamlik visa-vrye ingang, verblyf en vestiging in die grondgebiede van lidstate.²³² Dit is aanduidend van 'n gefasetteerde benadering, waardeur hierdie doelstellings op toenemende en progressiewe wyse bereik word.²³³ As 'n kort termyn doelwit, beoog dit die harmonisering van huidige immigrasie praktyke.²³⁴ Die eerste fase voorsien visa-vrye ingang vir burgers van lidstate;²³⁵ die toestaan van verblyfspermitte, en die bykomende harmonisering van wette en regulasies wat die toestaan van verblyfspermitte beheer, op die basis van hersiende en verslakte kriteria word voorsien as die tweede fase;²³⁶ terwyl vryheid van vestiging aan burgers van lidstate ingesluit word as die derde fase van die implementering van die Oorkonde.²³⁷

230 Bekend as die *Draft Protocol on the Facilitation of Movement of Persons in the Southern African Development Community (SADC)*, gereproduseer in <http://www.queens.ca/samp/migdocs/protocol.htm>.

231 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 659.

232 Voorrede; artikel 3.

233 LAWSA Volume 13 Gedeelte 2, par.126.

234 Artikel 13.

235 Hoofstuk V artikels 14-15.

236 Hoofstuk VII artikels 16-19.

237 Hoofstuk VIII artikels 20-21. Artikel 20 definieer vestiging as "toestemming of gesag vir: (a) toegang tot ekonomiese aktiwiteite as selfwerkse persone; (b) vestiging en bestuur van 'n professie, handel of besigheid; (c) beoefening van jou professie, handel, besigheid of roeping en voorsiening van dienste wat verband daarmee hou; en (d) deelname in alle menslike aktiwiteite as burgers van die gasheer staat."

Internasionale konvensies en verdrae word nie deel van Suid-Afrikaanse nasionale reg totdat en tensy dit geïnkorporeer word in nasionale reg deur wetgewende uitvaardiging.²³⁸

6.3 Moontlikheid van verhoogde beskerming en koördinerende van arbeids (en sosiale sekerheidsreg) sisteme in die SAOG

Die SAOG se doelwitte, soos uiteengesit in die funderende verdrag, sluit in die bevordering van ekonomiese en sosiale ontwikkeling en die vestiging van gemene ideale en instellings.²³⁹ Die funderende verdrag is 'n wettige bindende dokument, wat 'n alomvattende raamwerk voorsien waaronder die lande van die streek hul beleide en strategieë vir volhoubare ontwikkeling sal koördineer, harmoniseer en rasionaliseer in alle areas van menslike beywering.²⁴⁰ Die verdrag bind lidstate tot die fundamentele beginsels van soewereine gelykheid van lede, solidariteit, vrede en sekuriteit, menseregte, demokrasie en rule of law, billikheid, balans en wedersydse voordeel.²⁴¹ "Menslike hulpbron ontwikkeling" en "sosiale welsyn" word spesifiek genoem as areas in verband waarmee SAOG lidstate ooreengekom het om saam te werk, met die oogmerk om regionale ontwikkeling en integrasie te verbeter en in verband met waarmee die lidstate onderneem het om, deur toepaslike instellings van die SAOG, te koördineer, rasionaliseer en harmoniseer deur algehele makro-ekonomiese en sektorale beleide en strategieë, programme en projekte.²⁴²

238 *Azapo Peoples Organisation (AZAPO) and Others v President of the Republic of South Africa and Others* 1996 4 SA 671 (KH) E.

239 Artikel 5.

240 LAWSA Volume 13 Gedeelte 2, par.126.

241 Artikel 4.

242 Artikel 21.

6.3.1 Die sosio-ekonomiese konteks van die SAOG streek

Die SAOG lande word gekoppel deur die verskynsel van arbeids migrasie.²⁴³ In hierdie verband omvat die primêre neiging migrasie na Suid-Afrika vanuit baie ander lande in die streek en ook inter-land migrasie tussen hierdie ander lande. In byvoeging hiertoe, deel die SAOG lande 'n eenderse erfenis deurdat hulle almal oorspronklik gekoloniseer is, hoofsaaklik as gevolg van die behoefte om primêre kommoditeite.²⁴⁴

Dit is duidelik dat daar 'n groot behoefte is aan sosiale sekerheid in Afrika maar dat, as gevolg van faktore soos HIV/VIGS, beperkte en afnemende formele sektor indiensneming en hoë vlakke van inflasie – daar nie voldoende voorsien word aan hierdie behoefte.²⁴⁵ Dit is verder duidelik dat daar 'n onvermoë is, beide op nasionale en streeks vlak, om voldoende sosiale beskerming te voorsien. Hoë vlakke van werkloosheid asook die onvoldoendheid van huidige standaarde vir arbeids en sosiale beskerming, die lewering van sosiale beskerming in die SAOG streek verhinder.²⁴⁶

Koördinerings van sosiale sekerheid is huidiglik amper heeltemal afwesig in die SAOG streek. In besonder affekteer dit die posisie van SAOG burgers wat migreer binne die SAOG streek.²⁴⁷

6.3.2 Streeksinstrumente

Daar bestaan ook sekere streeksinstrumente wat gerig is op die bevordering van voldoende sosiale beskerming in die streek.²⁴⁸

243 LAWSA Volume 13 Gedeelte 2, par.126.

244 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 660; Olivier M *Social Protection in SADC: Developing an Integrated and Inclusive Framework- A Rights-based Perspective* 24–25.

245 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 660

246 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 661; LAWSA Volume 13(2) par 125.

247 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 663; LAWSA Volume 13(2) par 129.

248 LAWSA Volume 13(2) par 129.

'n Aantal belangrike maatreëls is alreeds geneem. 'n Konsep Streeks Kode op Sosiale Sekerheid in die SAOG is ontwikkel en 'n Konsep Oorkonde op Vryheid van Beweging van Persone in die SAOG is gesluit in Mei 1998. Die Oorkonde erken dat volle gewilde deelname in die proses van die opbou van die streek in 'n gemeenskap slegs moontlik waar die burgers van die Gemeenskap vryheid van beweging geniet, met ander woorde, visa-vrye ingang, verblyf en vestiging in die gebied van lidstate.²⁴⁹ Dit stel 'n gelykfasige benadering voor waardeur hierdie doelwitte toenemend en progressief bekom kan word.²⁵⁰

Daar bestaan steeds bilaterale verdrae tussen Suid-Afrika en buurstate sedert 1928 wat hersien is in 1964.²⁵¹ Hierdie verdrae beheer steeds die binnekoms van myn en plaaswerkers na Suid-Afrika vanaf Mosambiek, Lesotho²⁵² en Swaziland.²⁵³ Hierdie bilaterale arbeidsverdrae verseker dat kontraks migrasie na Suid-Afrika funksioneer op 'n ordelike wyse.²⁵⁴ Die feit dat Suid-Afrika slegs gekoppel is aan bilaterale verdrae met sekere buurstate werk tot die nadeel van SAOG burgers, beide wanneer hulle tydelike of permanente diens of verblyf aanneem in ander SAOG lande, as wanneer hulle terugkeer huis toe nadat hulle as migrante gewerk het êrens anders in die streek.²⁵⁵ Die situasie laat migrante SAOG burgers gemarginaliseer, wat hul blootstelling toe te skryf het aan die grootliks nasionaal-gebaseerde sosiale sekerheid sisteme van meeste van die SAOG lidstate.²⁵⁶

249 Voorrede; artikel 3.

250 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 664.

251 LAWSA Volume 13(2) par 129.

252 Verdrag No.1/1973 wat onderteken en in werking is sedert 24 Augustus 1973.

253 Verdrag No.3/1986.

254 The Office of the High Commissioner for Human Rights *Fact Sheet No.24, The Rights of Migrant Workers*; <http://www.unhcr.ch/html/menu6/2/fs24.htm> Datum van gebruik 28 Augustus 2005.

255 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 664.

256 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 665.

6.3.3 Koördinerings: oorspronklike benaderings

Aan die een kant, insover as wat regionale migrasie betrek word, mag die bestaan van sterk insentiewe vir die ontwikkeling van koördinerings maatreëls minder voor die hand liggend wees in die SAOG Verdrag as in die EU se teenstuk instrumente.²⁵⁷ 'n Voorbeeld hiervan is die anti-diskriminasie reël wat vervat word in die SAOG Verdrag wat nie diskriminasie op gronde van nasionaliteit of burgerskap dek nie.²⁵⁸

Die groeiende vlakke van regionale integrasie en migrasie en die erkenning dat kollektiewe en gekoördineerde benaderings benodig word om integrasie te bevorder ten einde effektief te handel met die streek se probleme vereis dat innoverende roetes gevolg moet word.²⁵⁹ Die uitbreiding van beskerming na (wettige) migrante binne die streek, wat burgers is van lidstate, is 'n onontbeerlike aspek in hierdie opsig.²⁶⁰ Daar word voorgestel dat beide regionale as eensydige maatreëls deur die lidstate vereis word.²⁶¹ Die aktiwiteite wat onderneem moet word in die streek in die area van sosiale beskerming voorsien ook die harmonisering van die streek se sosiale sekerheids skemas, asook die instelling van voorwaardes en metodes van oorgrens betalings van sosiale sekerheids voordele.²⁶²

6.3.4 Regionale reaksies

Meeste van die lande in die streek het herstrukturering prosesse aangepak.²⁶³ SAOG ministers en sosiale vennote het 'n aantal aktiwiteite goedgekeur, ten einde die lewering van sosiale sekerheid in die streek te verbeter.²⁶⁴ Hieronder

257 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 13–20.

258 Artikel 6(2).

259 Olivier ea *Social Security: A Legal Analysis* 665.

260 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 13.

261 Fultz en Pieris *The Social Protection of Migrant Workers in South Africa* 13–20.

262 Olivier ea *Social Security: A Legal Analysis* 670.

263 Olivier ea *Social Security: A Legal Analysis* 665.

264 Olivier ea *Social Security: A Legal Analysis* 666.

val onder andere die identifisering van gemeenskaplike elemente van sosiale sekerheids sisteme in die streek, die ontwikkeling van riglyne met betrekking tot voorwaardes van SAOG nasionale en oorgrens betalings van sosiale sekerheids voordele asook die ontwikkeling van riglyne aangaande die ratifisering van die IAO Konvensie No. 102 op sosiale sekerheid en van ander relevante instrumente.²⁶⁵

Ongelykheid in voordeelsvlakke kan aangespreek word deur te steun op dieselfde beginsel as wat huidiglik in werking is in die EU konteks, naamlik dat die begunstigde die verskil kan eis vanaf die staat wat die meer vrygewige reëling het, selfs indien die basiese bedrag betaal word deur die staat wat aangedui word deur die bepalings van regskeuse, ooreenkomstig daardie staat se sosiale sekerheids wette.²⁶⁶

Werksbesering skemas is een van die areas waar gemene elemente teenwoordig is in die streek se skemas.²⁶⁷ Hierdie skemas is teenwoordig in alle lidstate, soms as 'n publieke sisteem, somtyds uitgekontrakteur aan private versekeraars, en somtyds benader as individuele aanspreeklikheid van die werkgewer.²⁶⁸ Daar kan gesien word dat die behoefte aan voldoende sosiale beskerming in die area van sosiale bystand selfs van groter belang is as koördinerende van sosiale sekerheid/versekerings skemas. Dit kan afgelei word uit die uiterste armoede wat teenwoordig is in sekere SAOG lande asook vanuit die klem wat geplaas word op verligting van armoede en sosiale welsyn in die SAOG Verdrag.²⁶⁹ Die aanneming van sekere minimum standarde vir die streek, deur die gebruikmaking van meetbare of vaste kriteria soos 'n persentasie van minimum loon kan moontlik as 'n geskikte begin punt gebruik word, verkieslik

265 Oliviet *ea Social Security: A Legal Analysis* 672; LAWSA Volume 13(2) par 126.

266 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 672; LAWSA Volume 13(2) par 126.

267 Oliviet *ea Social Security: A Legal Analysis* 671.

268 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 672; Olivier *Social Protection in SADC* 35.

269 Oliviet *ea Social Security: A Legal Analysis* 672.

op 'n multilaterale basis.²⁷⁰ Hierdie standaard behoort dan uitgebrei te word na burgers van ander SAOG lidstate, en hul families/afhanklikes, wat migreer binne die streek.²⁷¹ Die EU sê reg instrumente mag van besondere waarde wees in hierdie opsig aangesien dit heel moontlik 'n sterker anti-diskriminasie beginsel sal vereis as dié wat huidige vervat word in die SAOG Verdrag.²⁷²

6.3.5 Ontwikkeling van basislyn standaard

Die Verdrag van Fundamentele Sosiale Regte maak voorsiening vir die ontwikkeling van minimum standaard, asook die vestiging van geharmoniseerde programme vir die beskerming van sosiale sekerheid en arbeidsreg regdeur die streek.²⁷³ In hierdie verband stipuleer die Verdrag die beginsels wat van toepassing behoort te wees met verwysing na die voorsiening en dekking van sosiale sekerheid maar spesifiseer nie die spesifieke maatreëls wat lidstate moet neem nie.²⁷⁴ Die aanname van internasionaal aanvaarde minimum standaard vir die SAOG streek kan oorweeg word, verkieslik via 'n multilaterale instrument. Die IAO Konvensie op Minimum Standaard in Sosiale Sekerheid²⁷⁵ kan ten volle of gedeeltelik dien as 'n grondslag wat sodanige standaard bevat op die vlak van sosiale beskerming.²⁷⁶

'n Basislyn benadering op regionaal vlak kan ook vereis word. Terwyl direkte harmonisering van die verskeie lande se sosiale beskerming skemas nie 'n realistiese opsie sal wees in die kort- en medium- termyn nie, behoort maatreëls wat gemik is op die koördinering van die verskeie skemas ontwikkel te word as 'n

270 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 672; IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Protection for Migrant Workers* 9.

271 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 672.

272 Olivier *ea Social Security: A Legal Analysis* 673.

273 Artikel 2(1), wat verband hou met die doelwitte van die Verdrag; artikel 3 wat verband hou met die waarneming van basiese regte waarna verwys word in die Verdrag; artikel 5 met verwysing na die aanname van IAO minimum standaard.

274 Feys 1999 ILJ 1445.

275 Konvensie 102 van 52.

276 Mashava (red) *A Compilation of Essential Documents on the Right to Social Security* 11.

prioriteit.²⁷⁷ Hierdie behoefte is afkomstig vanuit die verhoogde vlak van migrasie in die streek en vanuit die swak toestand van sosiale beskerming wat verleen word aan burgers van SAOG lidstate wat migreer, beide in die ontvangende land as die land van oorsprong.²⁷⁸

7. Wet op Immigrasie 13 van 2002

Die gewysigde voorrede van die *Wet op Immigrasie* van 2002²⁷⁹ voorsien in ekonomiese groei wat bevorder moet word deur die indiensneming van benodigde buitelandse arbeid, wat buitelandse investering fasiliteer, die binnekoms van buitengewone vaardige of gekwalifiseerde persone moontlik maak, vaardige menslike hulpbronne verhoog, akademiese uitruiling binne die SAOG streek fasiliteer en toerisme bevorder. Die ander relevant doelwitte word uiteengesit²⁸⁰ en maak spesifiek voorsiening daarvoor dat die Suid-Afrikaanse ekonomie ten alle tye toegang kan hê tot die volle mate van benodigde bydraes deur buitelanders solank as wat die bydrae van buitelanders in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark nie 'n negatiewe effek het op bestaande arbeidsstandaarde en die regte en verwagtinge van Suid-Afrikaanse werkers asook 'n koppeling van beleid gehandhaaf word tussen buitelanders wat in Suid-Afrika werk en die opleiding van ons burgers.

Die nuwe Suid-Afrikaanse *Wet op Immigrasie*²⁸¹ sit die sisteem van uitsonderings voort. Dit beteken dat die bilaterale verdrae sal voortduur en dat die kontrak

277 Olivier ea *Social Security: A Legal Analysis* 674; Shulamith Koenig *Governments' Commitment to Ensuring the Human Rights of Migrant Workers* The People's Movement for Human Rights Education <http://www.pdhre.org/rights/migrants.html>
Datum van gebruik 1 September 2005.

278 Olivier ea *Social Security: A Legal Analysis* 673; SATUCC "Social Charter of Fundamental Rights of Workers in the Southern African Development Community (SADC)" in *Report of the Regional Trade Union Workshop on Export Processing Zones, Environment and Sustainable Development*, March 28-30, 1996.

279 *Wysigingswet op Immigrasie* 19 van 2004 paragraaf d.

280 Paragrafe h tot j.

281 Wet 13 van 2002.

arbeidssisteem sal bly bestaan.²⁸² Alle buitelandse werkers moet 'n werkspermit bekom en voldoen aan die bepalings van artikel 20 van die Wet.

8. Europese Unie

Slegs indien daar gewaarborg kan word dat Europese burgers wat beweeg binne die Unie nie benadeel sal word op die vlak van hul sosiale sekerheid, sal hulle nie vrees om hul bewegingsreg om reg om te bly uit te oefen nie.²⁸³ Hierdie bepalings bestaan al vir meer as 30 jaar. Hulle is al vele male aangepas, verbeter en uitgebrei oor die jare. Vandag, word hierdie bepalings vervat in Regulasies (EEC) No 1408/71 en 574/72, was mees onlangs gewysig is in 1995.²⁸⁴

Die gemeenskaplike bepalings op sosiale sekerheid is van toepassing op alle nasionale wetgewings met verwysing na siekte en kraam; ongelukke by die werk; beroepssiektes; ongeskiktheids voordele; ouderdoms pensioene; oorlewende voordele; sterfte toelae; werkloosheids voordele en familie voordele.²⁸⁵ Dit is irrelevant of hierdie voordele gefinansier word deur bydraes, en of hulle betaal word deur werkgewers, sosiale versekerings instellings of deur die publieke administrasie nie: burgers van die Europese Unie mag altyd toevlug hê tot die Gemeenskaplike bepalings wanneer dit nodig is vir hulle geregtigheid op voordele.²⁸⁶

282 *Wysigingswet op Immigrasie* 19 van 2004.

283 'n Opgedateerde weergawe van die Regulasies wat alle wysigings tot die einde van 1992 in ag neem, kan gevind word in die *Official Journal of the European Communities*, C 325 van 10 Desember 1992.

284 'n Opgedateerde weergawe van die Regulasies wat alle wysigings tot die einde van 1992 in ag neem, kan gevind word in die *Official Journal of the European Communities*, C 325 van 10 Desember 1992.

285 Office for Official Publications of the European Communities *Your social security rights when moving within the European Union* 6; Agence Europe *Social Security for Migrant Workers* <http://www.solidar.org/Document.asp?DocID=3443&od=804> Datum van gebruik 6 September 2005.

286 Office for Official Publications of the European Communities *Your social security rights when moving within the European Union* 6; Agence Europe *Social Security for Migrant Workers* <http://www.solidar.org/Document.asp?DocID=3443&od=804> Datum van gebruik 6 September 2005.

Dit is ook belangrik om te let op die feit dat die Gemeenskaplike bepalings van toepassing is op sosiale sekerheids gevalle, maar nie op belastings ooreenkomste nie.²⁸⁷

Die Gemeenskaplike bepalings op sosiale sekerheid vervang nie die verskillende nasionale sosiale sekerheid skemas deur 'n enkele Europese sisteem nie.²⁸⁸ Sodanige harmonisering sou nie moontlik wees nie as gevolg van die wye uiteenlopendheid in die lewensstandaarde wat bestaan tussen die 18 State wat behoort aan die Europese Unie en aan die Europese Ekonomiese Area. Selfs daardie State met soortgelyke lewensstandaarde het verskillende sosiale sekerheid sisteme wat die gevolg is van ou tradisies wat diep gegrond is in nasionale kultuur en voorkeure.²⁸⁹ In plaas daarvan om die nasionale sosiale sekerheid sisteme te harmoniseer, voorsien die Gemeenskaplike bepalings oor sosiale sekerheid vir 'n eenvoudige koördinerende van daardie sisteme.²⁹⁰

Met ander woorde, elke Lidstaat is vry om te besluit wie verseker word in terme van sy wetgewing; welke voordele toegestaan word en onder watter omstandighede; hoe hierdie voordele bereken word en hoeveel bydraes betaal moet word.²⁹¹ Die Gemeenskaplike bepalings vestig gemene reëls en beginsels wat waargeneem moet word deur alle nasionale owerhede, sosiale sekerheid instellings, hofe en tribunale wanneer hulle nasionale wetgewing toepas.²⁹² Hierdeur verseker hulle dat die toepassing van die verskillende nasionale

287 Office for Official Publications of the European Communities *Your social security rights when moving within the European Union* 6; Agence Europe Social Security for Migrant Workers <http://www.solidar.org/Document.asp?DocID=3443&od=804> Datum van gebruik 6 September 2005.

288 Office for Official Publications of the European Communities *Your social security rights when moving within the European Union* 7.

289 Agence Europe Social Security for Migrant Workers <http://www.solidar.org/Document.asp?DocID=3443&od=804> Datum van gebruik 6 September 2005.

290 Office for Official Publications of the European Communities *Your social security rights when moving within the European Union* 7.

291 Office for Official Publications of the European Communities *Your social security rights when moving within the European Union* 7.

292 Office for Official Publications of the European Communities *Your social security rights when moving within the European Union* 7.

wetgewings nie persone wat hul reg om te beweeg en te bly binne die Europese Unie en Europese Ekonomiese Area nadelig affekteer nie. In eenvoudige terme beteken dit dat 'n persoon wat sy of haar reg om te beweeg binne die Unie uitgeoefen het, nie in 'n erger posisie geplaas mag word as 'n persoon wat nog altyd gewoon en gewerk het in 'n enkele Lidstaat nie.²⁹³ Dit vereis oplossings vir die volgende probleme in besonder: In sekere Lidstate, is sosiale sekerheid versekering gebaseer op verblyf terwyl in ander Lidstate slegs persone wat 'n professionele aktiwiteit uitvoer verseker word.²⁹⁴ Ten einde 'n situasie te vermy waar migrante werkers òf dubbeld of glad nie verseker word nie, bepaal Gemeenskaplike bepalings op sosiale sekerheid welke nasionale wetgewing van toepassing is op 'n migrante werker in elke besondere geval.²⁹⁵

Die volgende verduidelikings verwys eksklusief na die toepaslike wetgewing in die veld van sosiale sekerheid.

- (1) EU burgers is onderworpe aan die wetgewing van slegs een lidstaat op 'n slag

Hierdie beginsel is van toepassing op alle werksame en self-werksame persone wat gedek word deur die Gemeenskaplike bepalings, ongeag die aantal State waar 'n professionele aktiwiteit uitgevoer word: selfs persone wat indiens is in vier of vyf State is onderworpe aan die wetgewing van een enkele lidstaat.²⁹⁶ Daar is egter 'n geringe uitsondering op hierdie beginsel, naamlik dat 'n persoon wat gelyktydig werksaam is in een Lidstaat en wat self-werksaam is in 'n ander mag, in uitsonderlike omstandighede, verseker word in beide hierdie state.²⁹⁷

293 In Engels die Migration for Employment Convention van 1949 Artikel 6 <http://www.ilo.org/ilolex/cgi-lex/convde.pl> Datum van gebruik 8 September 2005.

294 In Engels die Migration for Employment Convention van 1949 Artikel 6 <http://www.ilo.org/ilolex/cgi-lex/convde.pl> Datum van gebruik 8 September 2005.

295 Office for Official Publications of the European Communities *Your social security rights when moving within the European Union* 8.

296 Office for Official Publications of the European Communities *Your social security rights when moving within the European Union* 8.

297 In Engels die Migration for Employment Convention van 1949 Artikel 3 <http://www.ilo.org/ilolex/cgi-lex/convde.pl> Datum van gebruik 8 September 2005.

(2) EU burgers word verseker in die land waar hulle hul professionele aktiwiteit uitvoer

Dit is van toepassing op dieselfde manier op werksame en self-werksame persone, selfs in gevalle waar hulle woonagtig is binne die grondgebied van 'n ander land of waar hulle maatskappye of werkgewers geleë is in 'n ander staat. Met ander woorde, indien jy ophou werk in een Lidstaat ten einde 'n professionele aktiwiteit uit te voer in 'n ander Lidstaat.²⁹⁸

298 Office for Official Publications of the European Communities *Your social security rights when moving within the European Union* 8.

GEVOLGTREKKING

Artikel 27(1)(c) van die Suid-Afrikaanse Grondwet verwys na elke persoon se reg op toegang tot sosiale sekerheid, wat voldoende sosiale bystand insluit indien hul nie instaat is om hulself of hul afhanklikes te onderhou nie. In die saak van *Khosa and Others v Minister of Social Development and Others; Mahlaule and Another v Minister of Social Development and Others*²⁹⁹ is die reg op toegang tot sosiale sekerheid, en meer spesifiek sosiale bystand ingevolge die *Wet op Sosiale Bystand*³⁰⁰ aan daardie persone was nie instaat is om hulself en hul afhanklikes te onderhou nie, bespreek. Die effek van hierdie uitspraak was om die Staat te verplig om sosiale bystand te voorsien in terme van die Wet aan alle "permanente inwoners" wat kwalifiseer vir sodanige bystand, ongeag hul burgerskap

Regulasie (EEC) 1408/71 maak voorsiening vir verskeie basiese beginsels. Hierdie is die beginsels van keuse van reg, nie-diskriminasie, samevoeging van versekerings tydperke, handhawing van regte wat bekom is en uitvoerbaarheid van voordele.³⁰¹ Artikel 7(2) van Regulasie 1612/68 vereis dat migrante werkers en hul families dieselfde sosiale en belastings voordele geniet as nasionale burgers. Die gevolg van hierdie maatreëls is om die beginsel van territorialiteit te vervang met 'n persoonlike geregtigheid op voordele, wat die begunstigde volg. Hierdie beginsels word in die algemeen ook geïmplementeer in die res van Afrika, maar nie in die SAOG streek nie.

Regulering van migrante arbeid kan positiewe gevolge hê vir die gasheerland se arbeidsmark³⁰². Indien die sosiale beskerming wat toegestaan word aan migrante werkers dieselfde is as vir plaaslike werkers, sal werkgewers nie baie rede hê om migrante te verkies nie. Deur die gaping in sosiale beskerming van

299 Para 571.

300 Wet 59 van 1992.

301 Office for Official Publications of the European Communities *Your social security rights when moving within the European Union* 7.

302 Feys 1999 ILJ 1475.

plaaslike werkers en migrante te vernou, word die laasgenoemde se arbeid minder aantreklik vir toekomstige werkgewers wat dan gevolglik kompetisie van plaaslike werk verminder; Indien daar minimum standaarde gestel word vir alle werkers sal migrante werkers beskerm word teen uitbuiting en dit kan daartoe lei dat myne plaaslike werkers begin verkies; Migrante werkers maak 'n daadwerklike bydrae tot die plaaslike ekonomie as verbruikers deur die aanvraag vir goedere en dienste te verhoog, en skep dus daardeur op indirekte wyse addisionele werk; ens.

Die keuse van harmoniseringsmodelle is afhanklik van die onderwerp-saak vir harmonisering asook die graad van eenvormigheid wat verlang word en uitvoerbaar is. Die hoogste moontlike vorm van integrasie is natuurlik eenvormige wette regdeur die streek en verenigde instellings wat handel met waarneming, afdwinging en beslegting. Dit is, tot 'n sekere mate, bereik deur die Europese Unie in die vorm van regulasies, wat, na hul aanname deur die bevoegde Europese instellings, Europese wette word wat direk en eenvormig van toepassing is regdeur die unie en wat, op die hoogste vlak, bereikbaar is deur die Europese Geregshof. Dit is onwaarskynlik dat Suidelike Afrika, in die nabye toekoms, genoeg politieke wilskrag bymekaar sal kan skraap om hierdie vlak van integrasie te bereik.

Bibliografie

Boeke

B

Bolani *ea Family Support*

Bolani E *ea "Family Support"* in Olivier *ea Social Security Law – general principles* (Butterworths Durban 1999) 262-264

C

Cassese *International Law*

Cassese A *International Law* 2e uitg (Oxford 2005)

F

Freedman *ea Constitutional Issues*

Freedman W *ea "Constitutional Issues"* in Olivier *ea Social Security Law – general principles* (Butterworths Durban 1999) 499-519

G

Goldman *Human Rights*

Goldman C *Human Rights and The Migratory Labour System* (Institute of Southern African Studies, Roma 1988)

Goosen *ea International and Comparative Social Security Standards*

Goosen *ea "International and Comparative Social Security Standards"* in Olivier *ea Social Security Law – general principles* (Butterworths Durban 1999) 527-575

I

International Social Security Association *Reciprocity*

International Social Security Association *Reciprocity in Social Insurance*
(Editions Internationales Rome-Geneva 1956)

J

Jansen van Rensburg en Olivier *International and Supra-national Law*

Jansen van Rensburg L en Olivier MP "*International and Supra-national Law*" in Olivier MP, Smit N en Kalula ER (reds) *Social Security: A Legal Analysis* (Butterworths Durban 2005) 619-653

Jooma *Migrancy After Influx Control*

Jooma A *Migrancy After Influx Control* (South African Institute of Race Relations Johannesburg 1991)

Joubert *Death and Survivors' Benefits*

Joubert H "*Death and Survivors' Benefits*" in Olivier ea *Social Security Law – general principles* (Butterworths Durban 1999) 158-160

L

Liffmann ea *Scope of Application*

Liffmann R ea "*Scope of Application*" in Olivier ea *Social Security Law – general principles* (Butterworths Durban 1999) 21-52

M

Mashava A *Compilation of Essential Documents*

Mashava L (red) *A Compilation of Essential Documents on the Right to Social Security*; Economic and Social Rights Series Volume 6 (Centre for Human Rights University of Pretoria Press 2000)

Moore ea *The concept of Social Security*

Moore V ea "*The concept of Social Security*" in Olivier ea *Social Security Law – general principles* (Butterworths Durban 1999) 7-16

Myburgh, Smit en Van der Nest *Employment Injuries*

Myburgh P, Smit N en van der Nest D "*Employment Injuries, Diseases and Motor Vehicle Accidents*" in Olivier ea *Social Security Law – general principles* (Butterworths Durban 1999) 310-319

O

Office for Official Publications of the European Communities *Social dialogue*

Office for Official Publications of the European Communities *Social dialogue and social rights* (Luxembourg 1997)

Olivier ea *The Extension of Social Security*

Olivier ea *The Extension of Social Security Protection in South Africa – A Legal Inquiry* (Siberink 2001)

Olivier *The concept of social security*

Olivier MP "*The concept of social security*" in Olivier MP, Smith N en Kalula ER (reds) *Social Security: A Legal Analysis* (Butterworths Durban 2003) 23-47

Olivier en Kalula *Regional Social Security*

Olivier MP en Kalula ER "*Regional Social Security*" in Olivier MP, Smit N en Kalula ER (reds) *Social Security: A Legal Analysis* (Butterworths Durban 2003) 656-676

Olivier en Kalula *Scope of Coverage*

Olivier MP en Kalula ER "*Scope of Coverage*" in Olivier MP, Smit N en Kalula ER (reds) *Social Security: A Legal Analysis* (Butterworths Durban 2003) 124-147

Olivier ea *Constitutional issues*

Olivier ea "*Constitutional issues*" in Olivier MP, Smit N en Kalula ER (reds) *Social Security: A Legal Analysis* (Butterworths Durban 2003) 49-100

S

Strydom *Essential Social Security Law*

Strydom (red) ea *Essential Social Security Law* (Juta 2001)

T

Truter *People with Disabilities*

Truter L "People with Disabilities" in Olivier *ea Social Security Law – general principles* (Butterworths Durban 1999) 193-194

W

Wallace *International Law*

Wallace R *International Law* 3e uitg (Sweet & Maxwell Londen 1997)

Joernale

Ben-Israel R "Social security in the year 2000: potentialities and problems" 1995
Comparative Labour Law Journal 139-176

Feys T "Labour standards in Southern Africa in the context of Globalization:
The need for a common approach" 1999 *ILJ* 1445

Fultz E en Pieris B "The Social Protection of Migrant Workers in South Africa"
ILO/SAMAT Policy Paper No 3 (Harare, Zimbabwe 1997)

Liebenberg S "The International Covenant on Economic, Social and Cultural
Rights and its implications for South Africa" 1995 *SAJHR* 359-378

Reitzes M "*Divided on the 'Demon': Immigration Policy Since the Election*"
Johannesburg Centre for Policy Studies 1995

Rohan R "Exemption Set to Legalize Aliens in SA" 25 June 1996, The Sowetan.

Social Security Department "*Social Security for Migrant Workers*"
Interdepartmental Project on Migrant Workers 1994-1995 (International
Labour Office, Geneva)

Official Journal of the European Communities, C 325 van 10 Desember 1992.

Bydraes by konferensies

Chitambo "SADC Policy Dimensions of Social Protection"

Chitambo "Towards the Development of Social Security Protection in the SADC Region" gehou te Helderfontein Sentrum, Johannesburg, S.A, 17-19 Oktober 2001

Olivier "Social Protection in SADC"

Olivier MP "Social Protection in SADC: Developing an Integrated and Inclusive Framework – A Rights-based Approach" gelewer te Universiteit van Kaapstad, UCT op 30 September 2005

Olivier "Towards Social Protection"

Olivier MP "*Towards Social Protection*" gelewer te EISS Conference Augustus 2000

Thesis

Jansen van Rensburg *Toegang tot Sosiale Sekerheid*

Jansen van Rensburg L *Die Beregting van die Fundamentele Reg op Toegang tot Sosiale Sekerheid* (LLD-thesis Randse Afrikaanse Universiteit 2000)

Internet

http://www.ilo.org/lolex/cgi_lex/convde.pl?0097 [Datum van gebruik 8 September 2005]

<http://www.eia.doc.gov/cabs/sadc.html> [Datum van gebruik 10 Augustus 2005]

Mpahlwa M Southern African Marketing Co. (Pty) Ltd & SADC Secretariat *SADC Corporate Profile*

http://www.sadcreview.com/country_profiles/southafrica/southafrica.htm [Datum van gebruik 15 Augustus 2005]

Dulloo M Southern African Marketing Co. (Pty) Ltd & SADC Secretariat *SADC Corporate Profile*

http://www.sadcreview.com/country_profiles/mauritius/mauritius.htm [Datum van gebruik 30 Augustus 2005]

Moroka DN Southern African Marketing Co. (Pty) Ltd & SADC Secretariat *SADC Corporate Profile*

http://www.sadcreview.com/country_profiles/botswana/botswana.htm [Datum van gebruik 30 Augustus 2005]

<http://www.eia.doc/cabs/sadc.html> [Datum van gebruik 25 Augustus 2005]

Southern African Development Community (SADC), Regional Indicative Strategic Development Plan, SADC Secretariat, July 2003,
<http://www.queensu.ca/samp/migrationnews/2002/dec.htm#South%20Africa>
[Datum van gebruik 1 Maart 2005]

TEBA Development *Social and Labour Plan Support*
<http://www.teba.co.za/tebadev/rurdev.asp?id=7&clD=6> [Datum van gebruik 30 September 2005]

Abalimi Phabili Celebration day 4 Mei 2005
<http://www.teba.co.za/tebadev/index.asp> [Datum van gebruik 20 September 2005]

<http://www.unhchr.ch/html/menu6/2/fs24.htm> [Datum van gebruik 28 Augustus 2005]

<http://www.pdhre.org/rights/migrants.html> [Datum van gebruik 1 September 2005]

Datum van gebruik 6 September 2005
<http://www.solidar.org/Document.asp?DocID=3443&od=804>

About the SAHRC Datum van gebruik 3 Desember 2005
http://www.sahrc.org.za/sahrc/cms/publish/cat_index_34.shtml

Staatsverslae en Regulasies

SV 443 in SK 23478 van 31 Mei 2002

SV 1108 in SK 18166 van 8 Augustus 1997

SV 529 in SK 19920 van 1 April 1999

SV 1197 in SK 21786 van 23 November 2000

SV 1649 in SK 25700 van 7 November 2003

Witskrif op Sosiale Welsyn Staatsverslag 1108 in Staatskoerant 18166 van 8 Augustus 1997

Witskrif op Internasionale Migrasie in Staatskoerant 19920 van April 1999

Konvensies van die Verenigde Nasies en ander dokumente

Internasionale Konvensie op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte

Internasionale Konvensie op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte aangeneem deur die Algemene Vergadering Resolusie 2200 (XXI) van 16 Desember 1966 993 (in werking getree op 3 Januarie 1976)

Internasionale Konvensie op Siviele en Politieke Regte

Internasionale Konvensie op Siviele en Politieke Regte aangeneem deur die Algemene Vergadering Resolusie 2200A (XXI) van 16 Desember 1966 993 (in werking getree op 23 Maart 1976)

Universele Deklarasie van Menseregte

Universele Deklarasie van Menseregte aangeneem deur die Algemene Vergadering Resolusie 217A (III) van 10 Desember 1948

Verdrag No.1/1973 van Lesotho

Onderteken en inwerking sedert 24 Augustus 1973

Verdrag No.3/1986 van Swaziland

Dokumente van die Internasionale Arbeids Organisasie

Gelykheid van Behandeling (Vergoeding vir Ongelukke) Konvensie 19 van 1925
Handhawing van Migrante se Pensioen Regte Konvensie 48 van 1935
Handhawing van Sosiale Sekerheids Regte Konvensie 157 van 1982
IAO Grondwet
Konvensie op Gelykheid van Behandeling (Sosiale Sekerheid) 118 van 1962
Konvensie op Sosiale Sekerheid (Minimum Standaarde) 102 van 1952
Konvensie op die Status van Staatlose Persone 28 September 1954
Konvensie op die Status van Vluchteling 28 Julie 1951
Migrasie vir Indiensneming Konvensie 97 van 1949
Migrante Werkers (Bykomende Bepalings) Konvensie 143 van 1975
Sosiale Sekerheids (Seevaarders) Konvensie 165 van 1987

Dokumente van die Organisasie van Afrika eenheid

Afrika Verdrag op Mense en Persone se Regte
Afrika (Banjul) Verdrag op Mense en Persone se Regte OAU Dok
CAB/LEG/73/3rev. 5,21 ILM 58 (1982)
Verdrag van Fundamentele Sosiale Regte in SAOG ELS.MSP/2000/4.2.5

Wetgewing

Grondwet van die Republike van Suid-Afrika, 200 van 1993
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
Welsynswette Wysigingswet 106 van 1997
Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995
Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997
Wet op die Beheer van Vreemdelinge 40 van 1973
Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993
Wet op Beroepssiektes in Myne en Werke 78 van 1973

Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998
Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne 29 van 1996
Wet op Immigrasie 13 van 2002
Wet op Sosiale Bystand 59 van 1992
Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes 130 van 1995
Wet op Werkloosheidsversekering 4 van 2002
Wysigingswet op Immigrasie 19 van 2004

Regspraak

Azanian Peoples Organisation (AZAPO) and Others v President of the Republic of South Africa and Others 1996 4 SA 671 (KH)
Baloro v University of Bophuthatswana 1995 4 SA 197 (BSC)
Baramoto v Minister of Home Affairs 1998 5 BCLR 562 (W)
Brink v Kitshoff NO 1996 6 BCLR 752 (KH)
Ex Parte Chairperson of the Constitutional Assembly: In Re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa 1996 4 SA 744 (KH)
Georgieva – Deyanova/Craighall Spar 2004 9 BALR 1143 (CCMA)
The Government of the Republic of South Africa and Others v Grootboom and Others 2000 11 BCLR 1169 (KH)
Harksen v Lane 1997 6 BCLR 1489 (KH)
Johnson v Minister of Home Affairs & Another 1997 3 BCLR 355 (K).
Jooste v Score Supermarket 1999 2 BCLR 139 (KH)
Khosa and Others v Minister of Social Development and Others; Mahlaule and Another v Minister of Social Development and Others 2004 6 BCLR 569 (KH)
Larbi-Odam v Member of the Executive Council for Education (North-West Province) 1997 12 BCLR 1655 (KH)
Mahlaule and Another v Minister of Social Development and Others 2004 6 BCLR 569 (KH)
Minister of Health and Others v Treatment Action Campaign and Others 2002 10

BCLR 1033 (KH)

Prince v The President of the Law Society, Cape of Good Hope 1998 BCLR 976 (K)

Prinsloo v Van der Linde 1997 6 SA 759 (KH)

S v Makwanyane and Another 1995 3 391 (KH)

S v Williams 1995 3 SA 632 (KH)

Soobramoney v Minister of Health (Kwazulu-Natal) 1997 (12) BCLR 1696 (KH)

Treatment Action Campaign and Others v Minister of Health and Others 2002 4 BCLR 356 (T)

Ander

Calculation of Compensation to all Employees injured on or after 1 April 2006

Aanhangsel A en B, Kommissaris van Vergoeding, Posbus 955, Pretoria, 0001

SATUCC "Social Charter of Fundamental Rights of Workers in the Southern African Development Community (SADC)" in *Report of the Regional Trade Union Workshop on Export Processing Zones, Environment and Sustainable Development*, March 28-30, 1996.

LAWSA Volume 13(2) *Social Security Law*

LAWSA Volume 2(2) *Citizenship and nationality, basic concepts, residents and migrants.*

IAO Verslag *Social security for the unemployed* 1975

IAO Sosiale Sekerheids Departement *Social Security for Migrant Workers* 5

IAO: *Equality of treatment of nationals and non-nationals in social security*, Verslag VIII (1), ILC, 45ste sessie, Geneva, 1961.